

DIE SABBATSRUS IN JESUS



Daar wag dus nog steeds 'n Sabbatsrus vir die volk van God, want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne. – Heb. 4:9-11.

DIE SABBATSRUS IN JESUS

Inhoud

1. Inleiding	p. 3
2. Die Sabbat van Jesus	p. 6
3. Die Christen-Sabbat	p. 8
4. Die teken en seël van God	p.16
5. Die Sabbat - 'n geestelike instelling	P.27
6. Die ware wese van Sabbatonderhouding	P.28
7. Die Sabbat	P.29
8. Die werklike kwessie in die komende Sondagswet	P.48
9. Die Kerk oorwinnend	P.59
10. Jesus in die Sabbatsrus	p.62
11. Die oorgawe	P.63

Saamgestel deur: dr. *Hans Koen*

E-pos: stellie.hans@gmail.com

Sel: 076 689 9246

DIE SABBATSRUS IN JESUS

Inleiding

Terug van hul sendingreis het die apostels, by Jesus saamgekom en Hom alles vertel wat hulle gedoen sowel as wat hulle geleer het. En Hy sê vir hulle: Kom julle self in die eensaamheid na 'n verlate plek en rus 'n bietjie. Want daar was baie wat kom en gaan, en hulle het selfs geen geskikte tyd gehad om te eet nie. - Markus 6:30-32.

Christus se simpatieke woorde word net so gewis aan Sy diensknegte van vandag gerig as tot Sy dissipels destyds. **Kom julle self in die eensaamheid...en rus 'n bietjie**, sê Hy vir die vermoeide en uitgeputte. Dit is nie verstandig om altyd in spanning en opwinding te verkeer - selfs in arbeid vir die mensdom se geestelike behoeftes nie; want so word persoonlike vroomheid verwaarloos en siel, liggaam en gees word ooreis. Selfverloëning word van die dissipels van Christus vereis en opofferinge moet gemaak word; maar sorg moet gedra word dat die Satan nie die menslike swakheid weens oorywer kan uitbuit en die werk van God skade ly nie.

Die rabbi's het geglo dat die uitnemendheid van godsdiens in gedurige koorsagtige bedrywigheid gelê het. Hulle het op uiterlike bedrywigheid staatgemaak om hul uitnemende vroomheid te bewys. Sodoende het hulle hul siele van God afgesonder en selfgenoegsaam geword. Dieselfde gevare bestaan nog. Namate werksaamhede toeneem en die mens sukses behaal in enige werk vir God, bestaan die gevaar om op menslike planne en metodes te vertrou. Daar is 'n neiging om minder te bid en minder geloof te hê. Soos die dissipels loop ons gevaar om te vergeet dat ons afhanklik is van God en om 'n redder van ons bedrywigheid te maak. Ons moet

gedurig na Jesus opsien en besef dat dit Sy krag is wat die werk verrig. Hoewel ons ernstig moet arbei vir die redding van siele, moet ons ook tyd bestee aan bepeinsing, gebed en die bestudering van die Woord van God. Net die werk wat met veel gebed verrig word en wat deur die verdienste van Christus geheilig is, sal op die ou end doeltreffend blyk te wees.

Geen ander lewe was ooit so volgepak van arbeid en verantwoordelikheid as dié van Jesus nie; maar hoe dikwels het Hy in gebed verkeer! Hoe gedurig was Hy in verbinding met God! Oor en oor in die verhaal van Sy aardse lewe word verslae soos dié gevind: **En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid.**- Mark. 1:35. **En groot menigtes het bymekaargekom om te luister en deur Hom van hulle siektes genees te word. Maar Hy het Hom in verlate plekke teruggetrek en gebid.**- Luk. 5:15,16. **En Hy het daardie dae uitgegaan na die berg om te bid en die nag in die gebed tot God deurgebring.** - Luk. 6:2.

In 'n lewe wat geheel en al aan die welsyn van andere gewy is, het die Heiland dit nodig geag om Hom aan die grootpaaië en die skares wat Hom dag na dag volg te onttrek. Hy moet wegkom van 'n lewe van eindelose bedrywigheid en voeling met menslike behoeftes, om stilte en onafgebroke gemeenskap met Sy Vader te soek. As een met ons, wat gedeel het in ons behoeftes en swakhede, was Hy geheel en al van God afhanklik en op afgeleë bidplekke het Hy krag van Bo gesoek, sodat Hy plig en beproewing met nuwe krag tegemoet kon gaan. In 'n sondige wêreld het Jesus sieleworsteling en stryd geken. In gemeenskap met God kon Hy die smarte wat Hom neergedruk het voor God uitstort. Hier het Hy troos en vreugde gevind.

In Christus het die geroep van die mens die Vader van eindelose ontferming bereik. As mens het Hy Hom tot die troon van God gewend totdat Hy met 'n hemelse stroom gelaai was wat die Goddelike met die

menslike verbind het. Deur gedurige gemeenskap het Hy lewe van God ontvang om lewe aan die wêreld te kan gee. Sy ondervinding moet ook ons s'n wees.

Kom julle self in die eensaamheid, sê Hy aan ons. As ons op Sy woord ag slaan, sal ons sterker en nuttiger wees. Die dissipels het Jesus opgesoek en Hom alles vertel; Hy het hulle aangemoedig en onderrig. As ons vandag tyd sou neem om na Jesus te gaan en Hom van ons behoeftes te vertel, sal Hy ons nie teleurstel nie; Hy sal aan ons sy wees om ons te help. Ons het meer eenvoud, meer vertrouwe in ons Heiland nodig. Hy wat genoem word **Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers**; Hy van wie geskryf is: **Die heerskappy is op sy skouer**. - Jes. 9:5. Hy is die wonderbare Raadsman. Ons word genooi om Hom om wysheid te vra. Hy sal **aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyf**. - Jak. 1:5.

In almal wat deur God opgelei word, sal 'n lewe geopenbaar word wat nie inpas by die wêreld, sy gewoontes of sy gebruike nie; almal moet persoonlik ondervind wat dit is om 'n kennis van die wil van God op te doen. Ons moet Hom individueel tot die hart hoor praat. Wanneer al die ander stemme stil is en ons stil voor Hom wag, laat die stilte van die siel die stem van God helderder klink. Hy sê vir ons: **Laat staan en weet dat Ek God is**.- Ps. 46:11. Net hier kan ware rus gevind word. En dit is die doelmatige voorbereiding vir almal wat vir God arbei. In die koorsagtige gedrang en die spanning van die gejaagde lewe sal die siel wat so verkwik is, deur 'n atmosfeer van lig en vrede omring word. Die lewe sal 'n soete geur versprei en sal 'n Goddelike krag openbaar wat tot menseharte sal deurdring.

*Ellen White: *Die Koning van die Eeue*, pp. 155-156.

DIE SABBAT VAN JESUS *

Christus stel reg aan die begin van Sy bediening die standaard wat Sy lewenslange voorbeeld sou wees: **Hy het ook in Nasaret gekom, waar Hy grootgeword het, en soos Sy gewoonte was, het Hy op die Sabbatdag na die sinagoge toe gegaan.** - Lukas 4:16. Ons lees in Lukas 13:10 die volgende: **Eenkeer op 'n Sabbatdag was Jesus in een van die sinagoges besig om die mense te leer.** Ons behoort tog sekerlik Christus se voorbeeld te volg deur dieselfde Sabbatdag te vier wat Hy gevier het! Watter dag was hierdie Sabbat? Natuurlik, dieselfde dag wat al die Jode saam met Hom gehou het - Saterdag.

Onthou dat Christus baie moeite gedoen het om die Israeliete te herinner aan watter dag die regte Sabbat was toe hulle uit Egiptiese slawerny gekom het. Sou Hy dan nie die Sabbat op die regte dag gevier het gedurende Sy lewe as mens nie - selfs al sou die Jode dit op die verkeerde dag gevier het? Natuurlik sou Hy! Maar die Jode was nie verkeerd nie. Christus was Here van die dag wat die Jode as Sabbat gevier het! **Daarom is die Seun van die mens Here ook oor die Sabbat.** - Markus 2:28. Van daardie tyd tot nou toe het die sewendedag Sabbat onveranderd gebly.

Ons het vier belangrike feite oor alles wat tot dusver gesê is, geleer: Eerstens, Jesus het getrou die Bybelse Sabbat onderhou en Sy volgelinge beveel om dit na Sy dood te onderhou. Tweedens, die Sabbat wat Hy onderhou het, was dieselfde dag wat Moses onderhou het en God op die berg Sinai beveel het. Derdens, daar was geen verandering in die weeklikse siklus deur al die eeue nie. Vierdens, ek en jy kan dieselfde Sabbat onderhou wat Jesus onderhou het!

Die Sabbat is God se banier, die simbool van Sy soewereiniteit, in die hemelse weefmasjien geweef en oor Sy nuut-voltooide skepping van ons

wêreld gehys. En vandag, na die verloop van baie, lange jare, bly dit steeds die simbool van Sy reg as Skepper en Verlosser om te regeer.

In die laaste dae en dwarsdeur die ewigheid

Daar is twee verdere, wonderlike waarhede: Eerstens, dit is voorspel dat, ten spyte van al die vroeëre pogings om die kennis daarvan te vernietig, sal God 'n volk op aarde in die laaste dae hê wat die Bybelse Sabbat sal onderhou.

As jy jou voet terughou van die Sabbat - om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die Sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die Here hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die Here, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die Here het dit gespreek. - Jesaja 58:13-14.

Tweedens, God se getroues sal dieselfde sewendedag Sabbat op die Nuwe Aarde onderhou!!

Salig is die wat sy gebooi doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. - Openbaring 22:14.

Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die Here, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees. En elke maand op die nuwemaan en elke week op die Sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die Here. - Jesaja 66:22-23.

Wat 'n glorieryke toekoms ontvou voor ons om as God se getroue kinders, wat Hom liefhet en gehoorsaam, gereken te word. Ook die vertrouwe in Jesus vir instaatstellende krag om Sy gebooi te onderhou. Eendag, dalk

binnekort, sal God se getroues deur die hekke die stad binnegaan en vir ewig met Christus lewe!

My Toewyding

Liewe Vader, aangesien Jesus gesê het dat die Bybelse Sabbat belangrik is, moet ek dit getrou onderhou. Ek wil graag altyd doen wat Jesus plesier. Hy het so baie vir my gedoen! Asseblief, aanvaar hierdie toewyding in Sy naam. Amen.

*Vance Ferrell: *The Bible Guide. A Fascinating Journey through Bible Truth.* pp. 441-443.

DIE CHRISTEN-SABBAT *

Net soos die lugaanvalbomskuilings skuiling bied teen die gevare van oorlog, so voorsien die Sabbat 'n skuilplek teen die druk van die week. Die Sabbat bied beskerming midde-in die kosmiese stryd.

Christus het Sy bediening op 'n Sabbat begin (Luk. 4:16), Sy sending aangekondig om die gevangenes vry te stel en om die aangename jaar van die Here aan te kondig (verse 18,19). Die meeste kommentators verwys na dié jaar as die Jubileum - of Sabbatjaar. Jesus het Lukas 4:21 aangehaal en gesê: **Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul.**

Elke week kom die Sabbat om verligting te bring van die werkslaste. Dit stel werkers vir 'n dag vry. Sodoende gee die Sabbat insig in Christus se sending om hulle wat met sonde belas is, vry te stel.

Sabbat as kern van die Evangelie

In die aankondiging van Sy sending het Christus die kern van die Sabbat geïdentifiseer. Hy het gekom om rus vir sonde-siek en uitgeputte mense te bring. Jesus het gekom om hulle in Homself vry te stel en sou deur wonderwerke die totale vryheid wat Hy kan bied, demonstreer. In der waarheid, Hy het dikwels die Sabbat gekies om genesings uit te voer (Matt. 12:9-21; Luk. 4:31-40; 13:10-17; Joh. 5:1-18; 9:1-41), sodat die fisiese vrystelling enigsins insig kon gee in die geestelike verlossing wat Hy kom voorsien het. Christus het sowel die Sabbat as verlossing van werk aan die mensdom gebied en die gawe van verlossing deur die Sabbat-wonderwerke gedemonstreer.

Die Sabbat-geskenk van vryheid het vir baie in 'n dag van werk in Christus se dae verander. Dit was nie langer 'n uitnodiging om die belastes vry te stel nie. Dit het op sigself 'n instrument geword om streng perke te stel. In sterk teenstelling het Christus gekom om die gevangenes vry te stel en Hy het gekom om die vergete kern van die Sabbat te demonstreer (Matt. 5:17-19). Soos Sy sending het die Sabbat bevryding as doelwit.

Christus, deeglik bewus van die seremoniële wet, het geweet dat dit 'n tipe van Homself was. Die funksie van die aardse heiligdom het by die Kruis tot 'n einde gekom. Die offerandes het in Sy offer opgehou, besnydenis het vir die volwasse doop plek gemaak. Die Jerusalem Raad (Hand. 15:1-29) het bymekaar gekom om die eis te oorweeg dat heidene ooreenkomstig die wet van Moses besny moet word (vers 5). Petrus het aan die raad gerapporteer dat die heidene die Heilige Gees sonder die besnydenis ontvang het (verse 5-11). Paulus en Barnabas het vertel van die wonderbaarlike tekens en wonderwerke wat God onder die heidene gedoen het (vers 12). Maar nêrens lees ons dat Christen-gelowiges die Sabbat met Sondag vervang het nie.

Tipes kry vervulling in Christus

Tipes het hulle vervulling waarna hulle verwys het in Christus gekry en in Wie hulle hul betekenis gevind het. En dit het seremoniële sabbatte met feeste verbind soos die ongesuurde brood (Lev. 23:6-8), die Fees van Weke (verse 15,16,21), die Fees van Trompette (verse 24,25), die Dag van Versoening (verse 26-28), en Huttefees (verse 33-36). Hierdie seremoniële sabbatte het hulle voorspellende betekenis saam met die seremoniële feeste waarvan hulle deel was, verloor.

Die staking van hierdie seremoniële sabbatte vorm die inhoud van Paulus se verklaring in Kolossense 2:16,17: **Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaan fees of die sabbatdag moet vier nie. Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.** Dit is duidelik dat Paulus nie van die morele wet of die Tien Gebooie gepraat het nie.

Sabbat meer as 'n tipe

Die sewendedag Sabbat moet meer as 'n tipe wees. Die feit dat Christus die Sabbat in 'n veel groter konteks gesien het, blyk toe Hy gesê het: **Die Seun van die mens is immers Here oor die Sabbat.** - Matt. 12:8; Mark. 2:28; Luk. 6:5. Christus het ook gesê: **Die Sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die Sabbatdag nie.** - Mark. 2:27.

Christus het dit nie gestel dat God die Sabbat vir die Joodse volk ingestel het nie, maar vir die mensdom. Dit is duidelik dat Christus die nasionale begrensing wat op die Sabbat deur mense geplaas was, verwerp het en dit vierkantig in sy globale konteks geplaas het. Dit is gelykstaande aan om die Sabbat 'n Skeppingsinstelling te verklaar. Die Sabbat soos deur Christus ingestel, strek verby nasionale en soortgelyke grense en is

onveranderlik in sy breedste konteks en nie kultuur, geslag of generasie gebonde nie.

Soos Gerhard Hasel dit uitgedruk het: "Die Seun van die Mens as Here het die ware betekenis van die Sabbat vasgestel. Die Sabbat-aktiwiteite van Jesus is nóg nadelige uittarting, nóg blote proteste teen die rabyne, wettiese beperkinge. Dit is die koninkryk van God waarin die mens die oorspronklike betekenis van die Sabbat as die herhalende, weeklikse 'dag van die Here' waarin God Sy helende en verlossende heerskappy oor die mens openbaar, geleer word."

Sabbat bly vir Christene

Die sekondêre betekenis van Hebreërs 4 is dat daar steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God oorbly (Heb. 4:9,10). Hebreërs was heel waarskynlik in 70 n.C. geskryf, ongeveer 40 jaar na Christus se kruisiging en opstanding (wat deur baie beskou word as rede waarom die Sabbat na die eerste dag van die week verander is). Hebreërs 4 ontken die moontlikheid van òf 'n rede vir die Sabbat se oordrag òf die verandering daarvan. Dié hoofstuk stem saam met Christus se skakeling van die Sabbat met die totale menseras, sonder uitsondering met betrekking tot die Ou- en Nuwe Testamentiese tydperke.

Die Christen-Sabbat is die dag wat die Here met die skepping van die wêreld heilig gemaak het. Christus het ons planeet en Adam en Eva geskape. Hy het op die sewende dag gerus, dit apart gehou as heilig. Jesus het dit onderhou, terwyl hy op aarde as die God-mens geleef het. Hy het nie die Sabbat onderhou, omdat Hy 'n Jood was nie, selfs as ons dit van Sy besnydenis en Paasfees-nakoming kan sê.

Hy het die Sabbat onderhou soos Hy met die Tien Gebooie gedoen het en 'n voorbeeld gestel vir alle mense en nie net vir die Jode nie. Dit is

dieselfde Sabbat wat Christus onderhou het wat alle verlostes vir ewig op die nuwe aarde sal onderhou (Jes. 66:22,23). Die Jerusalem Konferensie (Hand. 15:1-29) het niks gesê van die oordrag van die Sabbat van Saterdag na Sondag nie.

Die eindtyd Sabbatstoets

Ons sal sien dat die Sabbat eintlik die kern van die evangelie in die laaste dae is. Daar is geen evangelie sonder die Sabbat nie en geen Sabbat sonder die evangelie nie. Die Skrif kombineer die twee sonder enige verwarring, besonderlik in eindtyd gebeur. 'n Aanval op die een is 'n aanval op albei. Die hartseer feit is dat skeiding van Christus van Sy Sabbat lei onverbiddelek tot vervreemding van Hom en verwerping van Christus lei tot die ontkenning van Sy Sabbat.

"Satan het nog altyd daarop aanspraak gemaak om 'n meer verheerlikte bestaan te bied aan hulle wat hulself van Christus sou losmaak. Hy het dit in die hemel en in Eden gedoen en sal dit ook in die eindtyd probeer. Tot aan die einde van die groot stryd in die hemel het die groot indringer voortgegaan om homself te regverdig. Toe daar aangekondig is dat hy met al sy simpatiseerders uit die hemel uitgewerp moes word, het die rebelleleier openlik sy minagting van God se wet verklaar. Hy het sy eis herhaal dat engele geen beheer nodig het nie, maar moes toegelaat word om hulle eie wil te volg wat hulle altyd reg sou lei. Hy het die Goddelike insettinge as 'n beperking op hulle vryheid veroordeel en het verklaar dat dit sy doel was om die afskaffing van die wet te verseker; dat vry van hierdie beperking sou die leërskare van die hemel 'n meer verhewe, 'n glorieryker toestand van bestaan betree. Eenparig het Satan en sy volgelingen die blaam vir hulle rebellie vierkantig op Christus geplaas." - *The Great Controversy*, p.449.

"In Eden het Satan gesê dat Eva soos God sou wees as sy die vrugte eet (Gen. 3:5). En gedurende die eindtyd, deur spiritisme, sal Satan as 'n weldoener van die mens verskyn, die siekes genees en verklaar dat hy 'n nuwe en meer verhewe stelsel van godsdienstige geloof verteenwoordig; maar terselfdertyd as 'n verwoester werk." - *Patriarchs and Prophets*, 56.

Deurgaans in sy stryd met Christus het hy hierdie meer verhewe ervaring gelykgestel met vryheid van God se wet. Soos voorheen genoem, het Satan in die hemel moedig sy minagting van die Skepper se wet erken. Hy het die Goddelike insettinge as 'n beperking van hulle vryheid veroordeel. Nogtans, in die eindtyd sal die Satan kom en sy Sondagswet met 'n doodsdecreet afdwing (Openb. 13:11-15). Die laaste, groot konflik tussen waarheid en dwaling is maar net die finale geveg van die langdurige stryd rakende die wet van God. Ons betree nou hierdie geveg - 'n geveg tussen die wette van mense en die bevele van God, tussen die godsdien van die Bybel en die godsdien van fabels en tradisies.

"In die groot tyd van benoudheid sal Satan homself as Christus openbaar en op die aarde heers. Hy wou altyd Christus se posisie oorneem en die aanbidding wat Hom alleen toekom, ontvang. Alhoewel hy oor biljoene mense as hulle redder sal heers, het hy hulle in werklikheid van die ewige lewe beroof. Terwyl hy aan die mensekinders as die groot geneesheer verskyn wat al hulle siektes kan genees, sal hy siektes en rampe bring totdat digbevolkte stede tot puinhoop van verlatenheid vernietig is. Satan sal tornado's, haelstorms, vloede en aardbewings in elke plek en in 'n duisend vorms stuur en verklaar dat mense God beledig deur die oortreding van die Sondag-sabbat; dat hierdie sonde rampe bring wat nie sal ophou voordat Sondagwaarneming streng afgeforseer is nie; en dat hulle wat die eise van die vierde gebod verteenwoordig, en sodoende eerbied vir die Sondag vernietig, moeilikheidsmakers vir die mense is, wat

hulle herstel na Goddelike guns en tydelike voorspoed verhoed." - *The Great Controversy*, pp. 589, 590.

Wanneer die engele die winde van stryd in die eindtyd loslaat (Openb. 7:1-3), sal ongeëwenaarde probleme die aarde oorstrom. Die wat die Bybelse Sabbat eerbiedig, sal as vyande van wet en orde veroordeel word, wat die morele beperkings van die gemeenskap afbreek, wat anargie en korrupsie veroorsaak en wat die oordele van God op die aarde veroorsaak.

Die Sabbat-kwessie sal die kernsaak in die groot, finale konflik, waaraan die hele wêreld deel sal hê, wees. Die Sabbat-kwessie sal die hele wêreld in beroering bring soos die hele wêreld verwonderd agter die dier aan gaan (Openb. 18:3). "Die plaasvervanging van die wette van mense vir die wet van God, die verheffing, deur blote menslike gesag, van Sondag in die plek van die Bybelse Sabbat, is die slottoneel in dié drama. Wanneer die plaasvervanging universeel word, sal God Homself openbaar. Hy sal in Sy majesteit verrys om die aarde geweldig te skud." - *Testimonies for the Church*, vol. 7, p. 141.

In die komende konflik sal die hele wêreld met vyandigheid teen Sewendedagadventiste in beroering gebring word, omdat hulle nie eerbetoon bewys aan die pousdom deur die Sondag, die instelling van hierdie anti-Christelike mag, te eerbiedig nie. Terwyl die Sabbat die groot strydpunt dwarsdeur die Christendom geword het en godsdienstige en sekulêre owerhede hulle magte gekombineer het om die onderhouding van die Sondag af te forseer, sal die volgehoue weiering van 'n klein minderheid om aan die populêre eis toe te gee, hulself voorwerpe van universele vervolging maak.

Hoe om vir die komende krisis voor te berei

Om die Sabbatstoets te oorleef, moet ons die Sabbatsrus ervaar.

Belangriker as die vraag watter dag is die sewende dag, gaan dit oor die kern van die Sabbat self. Die Sabbat leer die onderskeiding tussen die Skepper en Sy skepsels. Dit is presies wat Satan geweier het om te erken sedert hy sy rebellie begin het. In die eindtyd streef Satan daarna om sy Skepper te vervang wanneer hy kom as die verpersoonliking van Christus en Sondag bevorder. Die eindtyd gelowiges hoef nie bekommerd te wees oor die wêreldwye teenkating teen hulle nie, omdat Sabbat-onderhouding meer is as 'n dag - dit is 'n ervaring. Deur Christus se Sabbat te onderhou, kan hulle in Hom rus. Hulle ervaar die Sabbat deur in 'n Skepper te rus wat slegs Hy hulle deur die krisis kan neem. Hulle almal erken dat hulle niks gedoen het om in die wêreld te kom nie en dat hulle niks kan doen om die reg te verdien om in die volgende een te wees nie. Christus het vir hulle gedoen wat hulle nooit vir hulself kon doen nie - Hy het hulle geskape en verlos. Die Sabbat-onderhouding is rus in Sy dubbel-voltooide werk.

Die Sabbatsrus in Christus ons toevlugsoord

Dit is hoekom 'n Sabbat op die Vrydag na die Skepping (Gen. 2:2) en die Vrydag na die kruisiging volg (Luk. 23:54; 24:1). Behoorlik verstaan, was die twee Sabbatte tye om God se voltooide werk te vier. Sy voltooide take, sowel die skepping as die verlossing. Rus in hierdie werke van Christus is die ware kern van die Sabbatsrus. Ons rus in Hom as ons Skepper-Verlosser.

Lees Psalm 91:1-10 wat hierdie belofde rus behels.

My Toewyding

Asseblief, Vader, gee my die krag om dag na dag nie skaam te wees vir U wonderlike Sabbatsrus nie, maar om hierdie waarheid met ander te deel. Hulle moet dit weet! Niemand weet wanneer hulle mag sterf nie en dan sluit hulle genadedeur. Met die oog op die tye waarin ons leef, is dit nie

goed dat ek op my eie die Sabbat gehoorsaam nie. Ek moet hierdie waarheid met ander deel. Help my om dit te doen. Ek vra dit in Jesus se Naam. Amen.

*Norman Gulley: *Christ is Coming!* pp. 351-357.

*DIE TEKEN EN SEËL VAN GOD **

'n Ewige herinnering aan Sy skepperskap

Hierdie is die God wat iets verklaar het wat ons nooit behoort te vergeet nie:

So moet julle vir hulle sê: Die gode wat die hemel en die aarde nie gemaak het nie, sal vergaan van die aarde af en onder hierdie hemel uit. - Jeremia 10:11.

Want jy sien, God maak die daad van die Skepping as die bewys wat Hom van alle vals gode onderskei. Skryf daardie beginsel diep in jou denkwyse, want dit sal baie dinge wat ons nou gaan ontdek, verduidelik sodat ons geen twyfel oor die saak sal hê nie. Hy het aan ons 'n spesiale geskenk gegee, dat ons deur al die tye wat sou kom, sal weet dat Hy die Skepper-God - ons God - is.

Daarom het Hy dit op die sewende en laaste dag van die skeppingsweek gedoen:

Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en - dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag. So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. - Genesis 1:31-2:1.

Vir die mens by die Skepping van ons wêreld gemaak

En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak. - Genesis 2:2-3.

Wat 'n pragtige waarheid: God het die sewendedag Sabbat aan die mensdom by die werklike skepping van ons wêreld gegee! Op die sewende dag van die skeppingsweek. Dit was om vir altyd die spesiale teken, of merk, van Sy skepperskap te bly.

Hierdie is die duidelike, onmiskenbare rekord wat vir ons in die Bybel gegee word.

Deur drie afsonderlike en duidelike handelingte was die Sabbat gemaak: God het daarop gerus; Hy het dit geseën; Hy het dit geheilig. "Geheilig" beteken : 1. Aan die diens van God gewy; gewyd. 2. As heilig erken.

Slegs God kon een dag heilig verklaar. Slegs Hy kon beveel dat ons dit ook onderhou. Slegs Hy kon die groot waarheid verduidelik dat ons dit moet onderhou, omdat dit ons identifiseer as die enigste mense op aarde wat Hom as die Skepper-God erken.

Dit toon dat ons Sy volk is! Ons erken met blydschap dat Hy ons Here is; die Een wat ons gemaak het.

Dit is hoekom Hy hierdie spesiale gebod in die hart van die Tien Gebooie geplaas het:

Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God; dan mag jy géén werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of

jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig. - Eksodus 20:8-11.

Hoe goed is ons God om aan ons die Bybelse Sabbat te gee. Daar is 'n seën daaraan verbonde om dit te onderhou wat ons op geen ander wyse kan ontvang nie, omdat ons sy uitdruklike bevel gehoorsaam. Wanneer ons Hom nie gehoorsaam nie, beland ons altyd in die moeilikheid.

Hier is wat 'n geïnspireerde skryfster daaromtrent gesê het: "In Eden het God die gedenkteken van Sy skeppingswerk opgerig deur Sy seën op die sewende dag te plaas. Die Sabbat was aan Adam, die vader en verteenwoordiger van alle mense, toevertrou. Die onderhouding daarvan moes 'n daad van dankbare erkenning aan die kant van almal, wat op die aarde sou woon wees, dat God hulle Skepper was en hulle regmatige Heerser is; dat hulle die werk van Sy hande was en die onderdane van Sy gesag is. Sodoende was dié instelling herdenkingswaardig en aan die hele mensdom gegee. Daarin was niks skaduagtigs of van beperkende toepassing op enige mens nie.

God het gesien dat die Sabbat vir die mens belangrik is, selfs in die Paradys. Die mens het dit nodig om sy eie belange en werk vir een uit die sewe dae opsy te sit, sodat hy meer ten volle die werke van God kan bepeins en oor Sy krag en goedheid kan mediteer. Die mens het 'n Sabbat nodig om hom helderder aan God te herinner en om dankbaarheid in hom op te wek, omdat alles wat hy/sy geniet en besit van die weldadige hand van die Skepper kom." - *Patriarchs and Prophets*, p.48.

God het die Bybelse Sabbat aan ons eerste ouers gegee voordat hulle gesondig het. Die Sabbat en huwelik is twee heilige instellings wat van Eden kom om die wêreld te seën.

Die sewendedag Sabbat is vir ons om te onderhou. In die vierde van die Tien Gebooie het God ons beveel om dit te onderhou. Kom ons lees dit weer:

Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God; dan mag jy géén werk doen nie. - Eksodus 20:8-10.

Dan verduidelik Hy die rede hoekom ons dit moet doen: **Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig.** - Eksodus 20:11.

Die teken van Sy skepperskap en Sy reg om te regeer

Elders lees ons:

Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken, want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik. - Eksodus 31:17.

Die Sabbat is dus die teken van God se skepperskap; ons erkenning dat Hy ons gemaak het!

Dit is die teken omdat God is God en Hy is die Skepper

Hy het die wêreld in ses dae geskep en op die sewende dag - 2,500 jaar voor die Joodse volk tot stand gekom het - gerus.

Die Bybelse Sabbat is nie net bloot 'n dag vir liggaamlike rus nie, alhoewel ons dit nodig het. Deur dit te onderhou erken ons dat die Skepper-God ons God is! Ons gehoorsaam Sy uitdruklike gebod om daardie dag heilig te hou! Ons kan nie 'n ander dag uitsoek nie; ons moet die presiese dag onderhou wat Hy ons gegee het - die sewende dag van elke weeklikse siklus.

Van God se kant is die Sabbat 'n teken van Sy skepperskap. Dit is die teken van Sy reg om oor ons te regeer, die simbool van Sy genadige en tydlose soewereiniteit.

Van ons kant is dit 'n teken dat ons met dankbaarheid Hom as ons Skepper erken - en Sy heerskappy aanvaar.

My Maker en my Koning, aan U is ek my alles verskuldig; U soewereine milddadigheid is die fontein waaruit al my seëninge vloei. Die skepsel van U hand, van U alleen leef ek; my God. U seëninge vereis meer lofprysing as wat ek ooit kan gee.

Here, wat kan ek gee wanneer alles reeds U s'n is? U onvoorwaardelike liefde vereis 'n dankbare hart; 'n geskenk, helaas! Hoe gering. O laat U genade my siel met Goddelike sterkte inspireer; laat elke woord en elke begeerte en al my dae U s'n wees.

God sê vir ons in die Skrifte dat die Bybelse Sabbat die sewendedag Sabbat is, want daar is geen ander weeklikse Sabbat in die Bybel nie.

Dit is die gedenkteken van die skepping

Die Sabbat is ook die gedenkteken van die skepping. Die Sabbat "herdenk" die Skepping van ons wêreld. Dit was aan die Hebreërs gegee om met die hele wêreld te deel, sodat ander ook Sy spesiale volk kon word.

Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik. - Eksodus 31:17.

Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig. - Eksodus 20:8,11.

Hy sorg dat Sy magtige dae nie vergeet word nie. - Psalm 111:4.

Die doel van die Sabbat was om God as die Skepper te onthou. As dit altyd getrou onderhou was, sou daar geen ateïste of afgodedienaars gewees het nie.

Die teken van Sy verlossende krag

Die Bybel vertel ook vir ons dat die Sabbat nie slegs 'n teken van Sy skepperskap en heerskappy is nie, maar ook die teken van Sy verlossende krag om diegene te red wat hulle aan Sy gesag onderwerp.

Julle moet sekerlik my Sabatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die Here is wat julle heilig. - Eksodus 31:13.

Wat 'n glorieryke belofte is hierdie! God wil die sewendedag Sabbat gebruik as deel van Sy plan om ons van sonde te red!

Daarby het Ek ook my Sabatte aan hulle gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die Here, is wat hulle heilig. - Esegieël 20:12.

Soos die werk van die skepping self, benodig heiligmaking ook skeppende krag. Omdat, met hulle samewerking, God sondige mense in nederige,

gehoorsame kinders, wat Hy na die hemel kan neem, verander. Maar as hulle hulself terugtrek en teen Sy gesag rebelleer, kan Hy nie hierdie veranderinge in hulle lewens teweegbring nie.

Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. - Psalm 51:9.

Daarop sê Jesus vir hom: Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. - Joh. 3:3.

Nee, God het ons nou gemaak wat ons is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie daade waarvoor Hy ons bestem het. - Efesiërs 2:10.

Soos God van Sy skeppende werke op die sewende dag gerus het, so rus die gelowiges van hulle aktiwiteite en gaan, op die Sabbat, God se rus binne. Die Sabbat is die teken van hierdie rus wat ons ingaan. Paulus maak daarvan in Hebreërs 4:4-10 melding.

Die Sabbat, wat die gedenkteken van God se skeppende krag is, sal nooit ophou bestaan nie. Wanneer die sondige wêreld tot 'n einde kom en die lewe in God se sondelose wêreld sal begin, sal God se getroues voortgaan om die Sabbat te onderhou.

Soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek gaan maak, in my diens sal staan, sê die Here, so sal julle nageslag en julle roem in my diens staan. Elke nuwemaansfees en elke Sabbat sal al wat leef voor My in aanbidding kom buig. - Jesaja 66:22-23.

So, die heilige Sabbat is die teken van skepperskap, heerskappy en kameraadskap en ook die teken van God se plan om Sy getroues te verlos, sodat hulle vir ewig met Hom kan lewe.

Hy wat dit durf probeer om die Bybelse Sabbat af te skaf is direk besig om God, die Skepper en Verlosser wat die Sabbat aan die mensdom gegee het, uit te daag.

D.L.Moody het die volgende geskryf:

"Die Sabbat was bindend in Eden en dit is van toe tot nou steeds van krag. Hierdie vierde gebod begin met die woord "gedenk" [onthou] wat toon dat die Sabbat alreeds bestaan het toe God hierdie wet op kliptafels by Sinai geskryf het. Hoe kan mense beweer dat met hierdie een gebod weggedoen is, terwyl hulle sal erken dat die ander nege steeds bindend is?" - D.L.Moody: *Weighed and Wanting*, pp. 46-47.

Die veertig-jaar toets van gehoorsaamheid

God se volk het voor 'n spesiale toets te staan gekom voordat hulle by die berg Sinai aangekom het. Dit was hier waar hulle die Tien Gebooie op kliptafels ontvang het.

Al die gebooie, insluitende die Sabbatgebod, was sedert Eden bekend. So God het die Israeliete getoets. Hy het gesê Hy sou vir hulle "brood uit die hemel" [manna genoem] gee en die volk moes daagliks uitgaan en dit bymekaarmaak, maar hulle moes nie op die Sabbat uitgaan en iets bymekaarmaak nie.

Toe sê die Here vir Moses: Kyk, Ek sal vir julle brood uit die hemel laat reën; dan kan die volk uitgaan en die dagmaat van elke dag insamel, sodat Ek hulle kan beproef, of hulle in my wet sal wandel of nie.

En op die sesde dag, as hulle berei wat hulle inbring, sal dit dubbel soveel wees as wat hulle daagliks insamel. - Eksodus 16:4-5.

En op die sesde dag het hulle 'n dubbele porsie brood ingesamel, twee gomers [4 liter] vir elkeen. En al die owerstes van die vergadering het gekom en dit aan Moses vertel.

Toe sê hy vir hulle: Dit is wat die Here gespreek het: Mōre is dit rusdag, 'n heilige Sabbat van die Here. Wat julle wil bak, bak dit; en wat julle wil kook, kook dit; en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot die mōre toe. - Eksodus 16:22-23.

Maar sommige van die volk het op die Sabbat uitgegaan om meer manna bymekaar te maak. So het hulle God se gebod oortree.

En op die sewende dag het van die mense uitgegaan om in te samel, maar hulle het niks gekry nie.

Toe sê die Here vir Moses: Hoe lank weier julle om my gebooie en my wette te onderhou? Kyk, omdat die Here julle die Sabbat gegee het, daarom gee Hy julle op die sesde dag brood vir twee dae. Laat elkeen bly waar hy is; laat niemand op die sewende dag van sy woonplek af weggaan nie. - Eksodus 16:27-29.

In sy kommentaar op Eksodus 16:4-30 het Martin Luther die volgende geskryf:

"Hieruit kan jy sien dat die Sabbat daar was voordat die wet van Moses gekom het en het van die begin van die wêreld bestaan. Die opregtes, wat die ware geloof bewaar het, het bymekaargekom en God op hierdie dag aanbid." - Martin Luther, *Commentary on the Old Testament, in Collected Writings*, vol. 3, col. 950.

'n Treffende voorbeeld van hoe belangrik God dit beskou dat die volk die Sabbat onderhou - is die wonder van die manna. Vir veertig jaar, of 2080

weke, het God elke week 'n aantal wonders bewerk en sodoende die ware Sabbat 2080 keer aangetoon.

God het manna op elk van die eerste vyf dae van elke week gestuur. Dit was 'n wonder. Dan, op die sesde dag, het Hy twee keer soveel gestuur - 'n verdere wonder. En toe, op die sewende dag, het Hy niks gestuur nie. Dit is baie vanselfsprekend dat God wou hê Sy volk moes die Bybelse Sabbat onderhou. Wanneer, na al hierdie bewyse, sommige uitgegaan en die Sabbat verbreek het, het Hy duidelik Sy wil in hierdie saak getoon.

Eeue van ongehoorsaamheid

Dit is 'n tragiese feit dat, herhaaldelik, God se volk in Ou Testamentiese tye geweier het om Sy morele wet te onderhou. In der waarheid is hierdie die groot les wat ons oor en oor dwarsdeur die Ou Testament ontdek! As 'n resultaat het hulle groot kwellings beleef.

Gedurende die tyd van Jeremia het God belowe om die Israëliete grootliks te seën as hulle aan Hom lojaal sou bly.

Maar as julle aan My gehoorsaam is, sê die Here, en niks deur die poorte van hierdie stad dra op die Sabbatdag nie, die dag heilig hou en geen werk doen op dié dag nie, sal daar altyd konings wees wat op die troon van Dawid sit en deur die poorte van die stad gaan met hulle amptenare. Die konings en hulle amptenare sal saam met die mense van Juda en die inwoners van Jerusalem op strydwaens en perde ry en dié stad sal altyd bewoon word. - Jeremia 17:24-25.

Wat 'n glorieryke belofte was dit! Maar dan volg 'n voorspelling van wat sou gebeur as hulle weier om die Sabbat te onderhou:

Maar as julle aan My ongehoorsaam is en nie die Sabbatdag heilig hou nie en op dié dag goed deur die poorte van Jerusalem dra, sal Ek die

poorte aan die brand steek, en die vuur sal die mooi huise in Jerusalem verteer sonder dat iemand dit kan blus. - Jeremia 17:27.

Hierdie profesie is presies vervull! Nebukadnesar, koning van Babilon, het gekom en Jerusalem verwoes. **Die Woord van God sê dit was omdat die inwoners geweier het om die Sabbat te onderhou.** Ons lees daarvan in 2 Kronieke 36:18-21.

Jare later, nadat hulle van Babilon teruggekeer het, het Nehemia die volk gewaarsku om nie die Sabbat te verwaarloos nie - uit vrees dat die stad weer verwoes kan word!

Ek het die vooraanstaande burgers van Juda sterk aangespreek en vir hulle gesê: Hoe kan julle so 'n verkeerde ding doen dat julle die Sabbat ontheilig? Dit is presies wat julle voorvaders gedoen het, sodat ons God al hierdie onheil oor ons en oor hierdie stad gebring het! Nou vererger julle die toorn wat op Israel rus deur die Sabbat te ontheilig! - Nehemia 13:17-18.

Hierdie saak is uiters belangrik, omdat ons glo dat dit die bepalende kwessie gedurende die finale konflik tussen goed en kwaad net voor Jesus se koms sal wees. Ons glo dat daar 'n dag sal kom wanneer die wêreld in net twee kampe verdeel sal wees: God se Oorblyfsel wat al sy gebooië onderhou, insluitende die Sabbat op die sewende dag van die week en diegene wat weier om dit te doen. Die stryd oor hierdie saak sal intens wees. Diegene wat getrou aan God bly, sal die seël van God ontvang, terwyl diegene wat weier om dit te doen die merk van die dier sal ontvang. Die kwessie van die Sabbat is baie belangrik en iemand **moet** die wêreld daaromtrent waarsku.

My Toewyding

O, liefdevolle Vader, ek het geen idee gehad dat hierdie waarheid so pragtig is nie! U het so 'n wonderlike plan vir ons lewens. My kosbare Jesus het gesterf om die morele wet te handhaaf en hier is die Bybelse Sabbat in die hart van dit alles! Ek wil die Sabbat in my lewe hê! Ek wil dit heilig hou! Ek bid, help my om daartoe in staat te wees. Ek vra dit in die Naam van my Here en Verlosser. Amen.

*Vance Ferrell: *The Bible Guide. A Fascinating Journey through Bible Truth*, pp. 412-427.

DIE SABBAT – 'N GEESTELIKE INSTELLING *

Inhaligheid na materiële dinge sal nie die behoefte vir die geestelike wat God, die oneindige Gees, in ons geplaas het, bevredig nie. So lank as daar 'n koors is na materiële dinge sal daar onrus in die hart en verstand wees. Die Israëliete het hulle hoop op materiële dinge gevestig en kon nie God se "rus" binnegaan nie. In Hebreërs 3 en 4 toon Paulus die verhouding tussen Sabbat-onderhouding, huidige geestelike rus en ewige rus. Op reis na die beloofde land het die Israëliete uitgesien na 'n fisieke rus van die swaar werk van die pelgrimstog en die beproewings van die woestyn. Baie was materieel ingestel en het vir die dinge van die sinlike geleef en het gevolglik nie die rus van gees geniet nie. Na al hulle angstige verwagting het die meeste van die pelgrims, as gevolg van ongeloof en ongehoorsaamheid, nie die beloofde land binnegegaan nie.

Deur geloof en gehoorsaamheid verkry ons teenswoordige rus van hart en verstand, terwyl ons vooruitkyk na die ewige rus. Hierdie "rus" word geïllustreer deur Sabbat-onderhouding: fisieke geswoeg word opsy geskuif en die hart en verstand, wat met God sielsgemeenskap het, word

bo die aardse dinge verhef om die onsienlike en die ewige te oordink. Die Sabbat is die ontmoetingstyd van die gees van die mens met sy Skepper. Die Sabbatsrus is die toppunt van daardie geestelike rus wat dwarsdeur die week geniet is.

Die Israeliete se pelgrimstog deur die woestyn word in die Nuwe Testament aangewend om die gelowiges se pelgrimstog deur die woestyn van die lewe na die beloofde land uit te beeld (1 Pet. 2:10,11). Die Sabbatsrus, wat die weeklikse binnegaan in "daardie rus" van God deur sowel liggaam as gees is, voorspel die ewige rus wat op die moeë pelgrim aan die einde van die reis wag. Wat die Sabbat vir die week is, so is die ewigheid vir 'n lewe se reis. Die sekerheid van die ewige rus is verseker deur die rus van die gees wat deur geloof en 'n lewe van gehoorsaamheid kom. "Rus" begin die oomblik wat ons glo (Matt. 11:28,29). Soos geestelike rus die fisieke rus van Sabbat-onderhouding moet voorafgaan, so moet daar die geestelike rus op aarde wees voor die ewige rus van liggaam, siel en gees in die toekomstige koninkryk.

*Louis F. Were: *The Certainty of the Third Angel's Message*, pp. 72-74.

DIE WARE WESE VAN SABBATONDERHOUDING

Daar skiet 'n pyn deur my hart wanneer 'n Sewendedagadventis en 'n Jood die rede vir hulle Sabbatonderhouding slegs na Eksodus 20 verwys. Vir hulle en diesulkes, is dit bloot die nakoming van 'n wetlike bepaling. Dit is slegs die begin. In hierdie geval het hulle geen idee wat die verband tussen Jesus en die Sabbat is nie. Dit is nie goed dat ons nie weet waaroor die Sabbat in die eerste plek gaan nie.

Die Sabbat moet ons by die kruis bring. Die Sabbat herinner ons dat Christus ons Skepper en ons Verlosser is. Ons rus van ons werke in Sy

voltooide werk aan die kruis. Ons moet rus vind vir gees, siel en liggaam. Die groot **Ek is**..... is in die sentrum van die Sabbat. Op hierdie dag, in die besonder, moet ons in lofprijsing en aanbidding Hom eer en dank en heerlikheid toebring.

Ons leef nie langer in die volmaakte begin nie, maar in 'n onvolmaakte middelgedeelte: 'n Tydperk deur onregverdigheid, gulsigheid, geweld, korrupsie (verdorwenheid), lyding en dood gekenmerk. Te midde van die chaos en wanorde van ons tyd, soek ons na sekerheid, betekenis en hoop. Die Sabbat bring vir ons weeklikse herversekering en hoop. Dit herverseker ons dat ons oorsprong en bestemming in God gegrondves is. Dit voorsien ons van 'n bewustheid van die aaneenskakeling met die verlede en 'n hoop vir die toekoms. Dit nooi ons uit om in God te rus, terwyl ons in 'n rustelose middelgedeelte leef en wag vir daardie uiteindelijke ewige rus en vrede van God (Heb. 4:9), waarvoor ons geskape is.

Die Sabbat is 'n simbool van ons verlossing in Christus, 'n teken van ons heiligmaking, 'n merkteken van ons trou en 'n voorsmaak van ons ewige toekoms in God se koninkryk. Die Sabbat is God se ewigdurende teken van Sy ewige verbond tussen Hom en Sy volk. Vreugdevolle onderhouding van hierdie heilige tyd van Vrydag sonder tot Saterdag sonder is 'n feesviering van God se skeppende en verlossende daad.

DIE SABBAT *

Goeie Nuus van God se Sorg

Die soeke na gerusstelling deur persoonlike belangstelling en sorg is nie beperk tot die horisontale vlak van menslike verhoudings nie, maar brei ook na die vertikale menslik-goddelike verhouding uit. 'n Basiese, menslike bekommernis is, "Gee God regtig vir my om?" "Hoe kan ek weet dat God regtig in my belangstel?" Die algemene verlies aan gerusstelling dat God regtig vir hierdie wêreld en vir individuele

lewens omgee, kan as 'n fundamentele krisis in die moderne Christendom beskou word. Die slagspreuk "God is dood", wat weerklank gevind het in sommige Christelike sirkels, beklemtoon die bewustheid van ontugtering wat deur baie ervaar word. Hulle gevoel is dat as God werklik bestaan, is Hy ten beste 'n "afwesige landheer."

Die onuitspreeklike en matelose lyding en verlies van miljoene lewens wat die mensdom ervaar het in die vorige eeu as gevolg van twee wêreldoorloë, talle plaaslike konflikte, die Joodse volksmoord en baie natuurrampe, verteenwoordig sommige van die redes vir die heersende skeptisisme rakende die bestaan van 'n liefdevolle God. Verder, die vermoë van die moderne wetenskap om dit wat vervloë generasies as onoplosbare probleme beskou het op te los het baie daartoe bygedra om hulle geloof in menslike bronne eerder as goddelike voorsiening te stel. Ons aandag sal nietemin hier gefokus wees op watter rol die Sabbat in die herstel van vertroue in God se besorgdheid vir die mensdom kan speel.

Daar is nie 'n groter gerusstelling en vertroue as om te weet ek is die skepping van 'n perfekte Skepper nie! Alhoewel, die kennis alleen om 'n produk te wees van 'n goddelike skepping bevredig nie noodwendig die onmiddellike bekommernis vir die versekering en gerusstelling van God se sorg vir my *nou* nie. Hoekom? Hoofsaaklik omdat die skepping 'n goddelike daad is wat in die *verre verlede* voltooi is en gevolglik spreek dit nie noodwendig tot die *teenswoordige* nie - tot die onmiddellike behoefte vir versekering, gerusstelling van goddelike besorgdheid. Maar die boodskap van 'n volmaakte skepping kan moeilik die omvang en trefwydte van die Sabbat uitput. Verder word blye tydings deur die Sabbat verkondig, wat, indien aangeneem, direkter daartoe bydra om die bewustheid van God se afwesigheid van die wêreld en mense se lewens te oorwin. Drie van hierdie boodskappe sal hier onder die opskrifte: 1. Die seën van die Sabbat.

2. Die heiliging van die Sabbat. 3. Die model en voorbeeld van werk en rus bespreek word.

DIE SEËN VAN DIE SABBAT

Die goddelike daad om die Sabbat te seën en te heilig beklemtoon God se liefde en besorgdheid vir die mensdom. Sewe keer in die skeppingsverhaal verklaar God Sy skepping as "goed" (Gen. 1:4,10,12,13,21,25,31) en drie keer het Hy dit "geseën." Die drievoudige seën word in stygende volgorde gegee. Eerstens, die wesens van die water en die lug is geseën met fisieke vrugbaarheid (Gen. 1:22). Tweedens, die man en die vrou is geseën met fisieke vrugbaarheid en heerskappy (Gen. 1:28-30). Laastens, die sewende dag is geseën en vervul met heiligheid (Gen. 2:3; Ex. 20:11). Synde die finale ontvanger van God se seën, verklaar en waarborg die Sabbat God se opperste en totale seën oor Sy hele skepping en wesens.

Die betekenis van die Sabbat-seën

Wat is die betekenis van die seëninge wat deur God aan die Sabbat geskenk is en hoe druk dit die besorgdheid vir die mensdom uit? Is hulle slegs 'n goeie wens soos die mens se seëninge? In die Skrif verteenwoordig God se seëninge nie slegs 'n goeie wens nie, maar eerder 'n konkrete versekering van vrugbaarheid, voorspoed, geluk - in totaal, 'n volle en oorvloedige lewe. Byvoorbeeld, God het die eerste egpaar geseën met die woorde: **Wees vrugbaar en vermeerder.** - Gen. 1:28; 9:1; 49:22-26. Soortgelyk lees ons in Aäron se seënbede: **Die Here sal jou seën en jou behoed.** - Num. 6:24. Die seën van God, dan, lei tot die bewaring en versekering van oorvloedige lewe. Hierdie betekenis word uitdruklik verklaar deur die Psalmis wanneer hy skryf: **daar gebied die Here die seën, die lewe tot in ewigheid!** - Ps. 133:3. Hierdie betekenis op die Sabbat toegepas, beteken dat God deur dié dag te seën nie wensdenkery

was nie, maar het aan die mensdom 'n permanente versekering van 'n vol en oorvloedige lewe gegee.

Die seën van die Sabbat in die manna-ervaring

Die misterie van die geseëndheid en heiligheid van die Sabbat het in Exodus begin ontvou met die oprigting van Israel as God se verbondsvolk. Die dag het nie nou begin om slegs aan 'n voltooide skepping verbind te wees nie, maar aan die nuwe volk wat God wonderbaarlik tot stand gebring het: **Kyk, omdat die Here julle die Sabbat gegee het.** - Ex. 16:29. Vanaf die onderlinge verband tussen die natuurverskynsels, die simbool van 'n perfekte wêreld, het die Sabbat nou 'n historiese simbool van God se verlossingsplan vir Sy volk geword. Sodoende het die Sabbat nou intiemer met die wel en wee van die lewe van God se volk verbind begin word.

Liggaamlike voeding

Die verhaal van die manna bied 'n beginpunt om die aard van die oorspronklike seën van die Sabbat te verstaan. Let eerstens op sekere parallele tussen die skepping - en mannaverhaal. Albei is goddelike daade wat in ooreenstemming met die sewedag-struktuur voltooi was. Albei getuig van die volmaaktheid van God se "aktiwiteite": die skepping van elke dag was "goed" en die daaglikse porsie van die manna was voldoende (Ex. 16:18). In albei gevalle het die skeppingsaktiwiteit op die Sabbat gestop. Die skepping is "voltooi" (Gen. 2:2) en die manna het opgehou om op die Sabbat te val. In albei gevalle was God se seën op die Sabbat geskenk: deur proklamasie by die skepping (Gen. 2:3) en deur bewaring in die manna (Ex. 16:24). In die konteks van die dorheid van die woestyn en van die murmuring van die volk wat veroorsaak is deur hulle onvermoë om voedsel te bewaar, staan die wonder van die bewaring van die manna dwarsdeur die Sabbat as die duidelikste, sigbaarste openbaring van die

aard van die Sabbat-seëninge, naamlik God se herversekeringsgeskenk van liggaamlike voeding en lewe.

Die mannaverhaal fokus op die geseënheid van die Sabbat. 'n Crescendo is opvallend van die aanvangsaankondiging van die geskenk van die manna (Ex. 16:4), tot die Goddelike aankondiging van die Sabbat (Ex. 16:29). Die aanvanklike aankondiging swyg oor die Sabbat. Maar die stilte word geleidelik verbreek, eerstens by wyse van die voorskrif van die presiese "gomer"[twee liter] maat (Ex. 16:16-17) en dan deur die verslag van die bederwing en bewaring van die manna (Ex. 16:20-24). Hierdie optrede berei die weg voor vir die amptelike proklamasie van die Sabbat eerstens deur Moses (Ex. 16:23;25-26) en dan deur God (Ex. 16:28-29). Sommige van die besonderhede is besonder belangrik. Byvoorbeeld, wat was die rede vir die voorskrif van 'n gomer per persoon per dag. Was dit nie om die presiese maat van die dubbele porsie wat op die sesde dag ingesamel moes word te verseker nie? Sulke noukeurigheid was nodig om die egtheid van die wonder van die sewende dag te verseker, wanneer, in teenstelling met die voorafgaande dae, oorskiet porsies nie sou bederf nie (Ex. 16:24). Die wonder op sy beurt was om die volk ontvanklik te maak om die geseëndheid en heiligheid van die Sabbat te ervaar en te aanvaar. So 'n seën het bestaan uit die wonderbare voorsiening op die Sabbat van die liggaamlike voeding van die bederfbare manna en die geestelike verryking van die onbederfbare [onverganklike] hemelse manna, die Woord van God.

Die Woord van God

Wat is die betekenis en belangrikheid van die afwesigheid van enige manna op die grond op die Sabbat? Blykbaar was dit beplan om die volk voor te berei om boontoe te kyk en 'n groter seën van Bo te ontvang, dit wil sê, nie alleen voeding vir die liggaamlike lewe nie, maar ook verryking vir die geestelike lewe. Hierdie belangrike les kom na vore in Deuteronomium 8:3 waar die Israëliete vermaan word om nie die seëninge wat deur die manna

ervaring ontvang was te vergeet nie: *En Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet..... om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die Here uitgaan.*

Gedurende ses dae het God se seëninge die Israëliete deur die sigbare manna bereik, maar op die sewende dag was die seëninge deur die onsigbare stem van God ontvang. Die Israëliete was gevra om nie op die Sabbat uit te gaan en verdere materiële seëninge te soek nie, maar om vergenoeg en tevrede te rus binne die grense van dit wat alreeds ontvang was ten einde sonder inmenging die Woord van God te hoor. Sodanige uitnodiging verkry spesiale betekenis en belangrikheid in die lig van die feit dat by daardie historiese sameloop van omstandighede die Israëliete hulle ore steeds meer ingestel gehad het vir die klanke van Egipte as vir die stem van God. In Sy diepe besorgdheid om gebroke verhoudings te herstel, het God deur die Sabbat die Israëliete geleer om hulleself beskikbaar te stel om die seën van Sy woord en teenwoordigheid te ontvang. 'n Mens kan sê dat die seën van die Sabbat uiteindelik die teenwoordigheid van Christus Homself is, **die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid.** - Johannes 6:51. Dit illustreer hoe die seën van die Sabbat God se liefdevolle besorgdheid vir die mensdom uitdruk en versekering gee van 'n verrykte lewe.

DIE HEILIGING VAN DIE SABBAT

Die goddelike seën van die Sabbat is gevolg deur 'n ander buitengewone daad, ewe-eens 'n uitdrukking en uitbeelding van God se besorgdheid vir Sy skepsels, naamlik, die heiliging van die Sabbat: **God het die sewende dag geseën en dit geheilig.** - Gen. 2:3. Dit beteken dat God die sewende dag heilig verklaar het en teweeggebring het dat dit 'n wyse van heiligheid vir die mensdom moet wees. Dit is opmerklik dat die woord "heilig" vir die

eerste keer hier in die Bybel gebruik word met verwysing, nie na 'n voorwerp soos 'n altaar, 'n tabernakel of 'n persoon nie, maar met betrekking tot tyd, die sewende dag.

Die betekenis van Sabbatsheiligheid

Wat is die betekenis van die "heiligheid" wat Jesus op die Sabbat geplaas het? Dit verwys nie na die struktuur van die dag nie, omdat die Sabbat dieselfde siklus en lengte van al die ander ses dae volg. Hoe kon so 'n onpersoonlike element soos tyd met heiligheid vervul wees? In Genesis word geen verklaring gegee nie. Soos in die geval van die seën, so is daar in die heiliging van die Sabbat 'n sekere misterie verskuil wat geleidelik in die ontvouing van die geskiedenis van verlossing ontsluit word. Alhoewel, in Exodus, waar die heiligheid van die Sabbat verskeie kere herhaal word, word sy betekenis verhelder deur middel van sy duidelike verband met die openbaring van God se glorieryke teenwoordigheid. In die mannaverhaal word die heiligheid van die Sabbat aangekondig, maar nog nie verduidelik nie (Ex. 16:23). Hoekom? Blykbaar omdat op daardie oomblik was die openbaring van God se heerlikheid gedeeltelik en voorbereidend tot die voller openbaring wat op Sinai sou gebeur. Die Israeliete was uitgenooi: **Kom nader voor die aangesig van die Here** (Ex. 16:9), maar aan hulle was slegs 'n glimps van die heerlikheid van die Here gegee in die vorm van 'n wolk, wat hulle in die verte gesien het, soos hulle na die woestyn toe gedraai het (Ex. 16:10).

Sabbatheiligheid as God se teenwoordigheid

By Sinai het die openbaring van God se glorieryke teenwoordigheid herhaaldelik en indrukwekkend gebeur, in sommige gevalle in ontsettende afmetings. Die proklamasie van die Tien Gebooie, byvoorbeeld, het te midde van 'n flitsende en donderende openbaring van God se krag en teenwoordigheid gebeur (Ex. 19:16-19; 20:18-19). Vanaf die berg, heilig

gemaak deur die glorieryke teenwoordigheid van God, is die Sabbat uitdruklik as God se heilige dag geproklameer: **Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig.** - Ex. 20:8. Die gebod, let op, *begin* nie slegs met die uitnodiging om te onthou en die Sabbat te heilig nie, maar dit *sluit* ook deur te herhaal dat sy heiligheid in God se heiligmaking van die dag met die skepping gegrondves is (Ex. 20:11). In Hebreeus word die identiese werkwoord in albei gevalle gebruik.

Die ervaring van God se glorieryke teenwoordigheid op berg Sinai dien om die Israeliëte te onderrig om die heiligheid van God, in tyd [die Sabbat] geopenbaar, te erken en later in 'n plek van aanbidding (die Tabernakel). Die grondidee van God se heerlikheid word in Sinai, die Sabbat en die Tabernakel gevind en bind hulle saam. Die Israeliëte was opdrag gegee om hulleself vir die ontmoeting met God se heilige teenwoordigheid voor te berei (Ex. 19:10,11), wanneer **die Here voor die oë van die hele volk op die berg Sinai afdaal.**- Ex. 19:11. Die voorbereiding het persoonlike reiniging ingesluit (Ex. 19:10,14) en die stel van 'n grens rondom die berg (Ex. 19:12,23) wat met God se heerlikheid omhul sou wees. Die skakel met die heiligheid van die Sabbat kan kwalik gemis word. Inderdaad, persoonlike voorbereiding en die stel van 'n grens tussen die gewone en heilige tyd is die basiese bestanddele wat nodig is vir die heiliging van die Sabbat. Kan 'n mens die ervaring van God se heilige teenwoordigheid op die Sabbat binnegaan sonder om die nodige voorbereiding te maak? Of is dit moontlik om God se teenwoordigheid te eer op Sy heilige sewende dag sonder om 'n grens in tyd te stel wat persoonlike gewin en genietinge afkamp?

'n Ervaring van God se teenwoordigheid

Die betekenis van die heiligheid van God is verder verhelder te Sinai deur die uitnodiging wat God aan Moses gerig het "op die sewende dag" om die wolk binne te gaan en sodoende die intimiteit van Sy teenwoordigheid te

ervaar. *Toe Moses die berg opklim, het 'n wolk die berg oordek. En die heerlijkheid van die Here het op die berg Sinai gebly, en die wolk het dit ses dae lank oordek. En op die sewende dag het Hy na Moses geroep uit die wolk. En die verskyning van die Here se heerlijkheid was in die oë van die kinders van Israel soos 'n verterende vuur op die top van die berg. En Moses het binne-in die wolk ingegaan en die berg opgeklim.* - Ex. 24:15-18. Dit word algemeen aanvaar dat die sewende dag hier die Sabbat aandui. Ellen White sê, "op die sewende dag, die Sabbat, was Moses, in die wolk geroep" (*Patriarge en Profete*, p. 313). God se uitnodiging aan Moses om op die sewende dag Sy glorieryke teenwoordigheid binne te gaan ontsluit die geheime en duistere betekenis van God se heiliging van die Sabbat by die skepping. Die heiligheid van die Sabbat is nou verduidelik om nie 'n towerkuns eienskap en kenmerk te wees wat deur God in hierdie dag ingegiet is nie, maar hierdie heiligheid is eerder Sy misterieuse en majesteitlike teenwoordigheid wat op en deur die Sabbat in die lewe van Sy volk geopenbaar is.

Hierdie betekenis van die heiligheid van die Sabbat word selfs kragtiger navore gebring wanneer, aan die einde van die openbaring van die Tabernakel, God vir die volk van Israel sê: **Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die Here is wat julle heilig.** - Ex. 31:13. Die heiligheid van die Sabbat is nou glashelder met die heiligende teenwoordigheid van God met Sy volk gelykgestel. Die misterie van die heiliging van die skepping Sabbat is nou ontsluit. Dit bestaan presies uit die teenwoordigheid van God aan die wêreld geskenk in Sy heel laaste skeppingsdaad: die heiliging van die sewende dag. Want in ses dae het God hierdie planeet met goeie dinge en lewende wesens gevul, maar op die sewende dag het Hy dit met Sy teenwoordigheid gevul. God se teenwoordigheid is die bron van die ware seëninge van die lewe en die blydskap wat deur die Sabbat belowe is. Geskei van God se

teenwoordigheid is die mens se lewe 'n vlietende skaduwee. Dawid was deeglik bewus van hierdie waarheid toe hy, onder die las van die skeiding van God, deur sy sonde veroorsaak, gebid het: **Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie.** - Ps. 51:13. As die simbool en versekering van God se teenwoordigheid in hierdie wêreld en in die mens se lewe, verteenwoordig die Sabbat die mees verhewe en grootse uitdrukking van God se liefdevolle sorg.

Sabbatheiligheid as 'n skakel

Die definisie van die heiligheid van die Sabbat as 'n spesiale openbaring van God se teenwoordigheid wys na sy funksie as 'n skakel tussen God en menslike wesens. Om 'n populêre teologiese konsep te gebruik, hierdie skakel kan as 'n goddelik-menslike ontmoeting beskryf word. In 'n poging om die implikasies van hierdie funksie meer ten volle te begryp, sal ons nou oorweging skenk aan die skakeling wat dié dag in Exodus voorsien tussen die wet en genade en tussen die Tabernakel en die mense van Israel.

'n Skakel tussen die wet en genade

Die uitvaardiging van die Tien Gebooe en die verskillende burgerlike wette (Ex. 21-23), word in Exodus gevolg deur die openbaring van die bloudruk vir die oprigting van die Tabernakel (Ex. 25-31). Laasgenoemde is as die simbool van God se woonplek onder die mense beskou (Ex. 25:8; 29:45) en van Sy voorsiening vir die vergifnis van hulle sondes (Ex. 29:36, 38; 30:10). Hoe is die Sabbat aan hierdie twee verwant, dit wil sê aan die wet en genade? In dié verhaal funksioneer die sewende dag as die skakel tussen die twee, omdat dit op hierdie dag was dat Moses **binne-in die wolk ingegaan het** (Ex. 24:18) van God se glorieryke teenwoordigheid om albei, die kliptafels en die wet en gebooe, (Ex. 24:12) en die voorbeeld van die Tabernakel (Ex. 25:9) te ontvang. In hierdie konteks funksioneer die Sabbat as die dag wanneer God se sorg geopenbaar was deur die

openbaring van lewenswyse beginsels aan die een kant en voorsienings vir versoening en aanbidding aan die ander kant. 'n Baie belangrike beginsel word hier te kenne gegee: Die Sabbat is die dag wanneer God sowel 'n kennis van Sy wil kommunikeer as Sy genade skenk om dit te gehoorsaam. Laasgenoemde word ook te kenne gegee deur die feit dat die openbaring van die Tabernakel sluit met die herhaling van die Sabbat as die teken dat **Ek die Here is wat julle heilig.** - Ex. 31:13.

In Exodus is die Sabbat ook met die Tabernakel verbind deur middel van die tema van God se heerlikheid. Die Goddelike heerlikheid wat die eerste keer op berg Sinai in die vorm van 'n wolk (Ex. 24:15-16) geopenbaar was, was later na die Tabernakel oorgeplaas. Toe Moses **die werk voltooi** het (Ex. 40:33) om die Tabernakel op te rig het die **wolk die tent van samekoms oordek, en die heerlikheid van die Here het die tabernakel vervul, sodat Moses nie in die tent van samekoms kon ingaan nie, omdat die wolk daarop gerus en die heerlikheid van die Here die tabernakel vervul het.** - Ex. 40:34-35. Die openbaring van God se heerlikheid in die vorm van 'n wolk wat die eerste keer deur Moses **op die sewende dag** op die berg Sinai ervaar was (Ex. 24:16) en later oorgedra was op die Tabernakel, voorsien 'n skakel tussen die heiliging van die Sabbat tydens die skepping en van die Tabernakel in die woestyn. Dit gee te kenne dat soos die kosmiese skepping met sy heiliging op die sewende dag deur God se persoonlike teenwoordigheid ten einde geloop het, so was die oprigting van 'n plek van aanbidding voltooi en ingestel deur die Goddelike teenwoordigheid wat daarop rus (Ex. 40:34-35).

As God se heiligdom in tyd bied die Sabbat aan elke gelowige die geleentheid om op 'n spesiale wyse die teenwoordigheid van God te ervaar, ongeag die omstandighede. In der waarheid, vir baie getroues wat deur die eeue as gevolg van siekte of deur ongunstige omstandighede verhoed was om met medegelowiges in 'n heiligdom te aanbid was en is die Sabbat

vandag nog waarlik 'n draagbare heiligdom - 'n dag wanneer selfs tronktralis die teenwoordigheid van God om die siel van die gelowige te verlig nie uitsluit nie. Dit help ons om te verstaan hoekom, na die ballingskap en verstrooiing, die Jode, wat van hulle georganiseerde Tempel byeenkomste (sinagoges) ontnem was, somtyds selfs in die ope lug (Hand. 16:13) op die Sabbat sou bymekaarkom om die Skrifte te bestudeer en te aanbid. Die bewustheid dat die Heilige teenwoordigheid in 'n heilige plek (Tempel, kerk) deur die Sabbat geopenbaar word, kon 'n innerlike en persoonlike realiteit word wat die Jode eerste, en die Christene later, in staat gestel het om op God se heilige dag bymekaar te kom, selfs al was hulle min in getal. Hulle was verseker van die belofte: **Waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.** - Matt. 18:20.

Sabbatheiligheid as Emmanuel.

Die koms van Christus in hierdie wêreld verteenwoordig ongetwyfeld 'n skakel by uitnemendheid wat mense aan die Goddelike lewe en teenwoordigheid herverbind. Kan die heiligheid van die Sabbat en die vleeswording van Christus in 'n logiese verhouding geplaas word? Ja, indien jy hulle onderskeie funksies oordink. Die doel van die vleeswording is miskien die beste saamgevat in die twee name aan die Here by Sy geboorte gegee: **Jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos..... Hulle sal Hom Emmanuel noem, dit is..... God met ons.** - Matt. 1:21,23. Deur die twee name met mekaar in verband te bring kan ons sê dat Christus gekom het om lewe in Sy volk te herstel, te vernuwe deur hulle met die teenwoordigheid van God te herenig.

Hoe is die doel van hierdie vleeswording verwant aan die doel van God se skepping soos uitgedruk deur die seën en heiliging van die Sabbat? Laasgenoemde gee uitdrukking aan God se versekering aan Sy skepsel van oorvloedige lewe deur God se teenwoordigheid. Stem die doel van God se

skepping en die van Christus se vleeswording nie in 'n groot mate met mekaar ooreen nie? 'n Mens kan sê dat wat God aan Sy skepping beloof het deur die Sabbat te seën en te heilig, het Hy vervul deur Christus na hierdie wêreld te stuur om "Emmanuel - God met ons" vir ons te word.

God se heiliging van die Sabbat verteenwoordig 'n indrukwekkende openbaring van God se besorgdheid vir hierdie wêreld. Dit sê dat God Sy liefde teenoor die mensdom openbaar nie slegs deur die intree in die beperking van *menslike tyd* op die sewende dag van die skepping om hierdie wêreld met Sy heilige teenwoordigheid te seën nie, maar ook in die beperkings van menslike vlees om weer "Emmanuel - God met ons" te word.

DIE MODEL VAN WERK EN RUS

Werk as God se sorg

In die vierde gebod is die model van ses dae van werk en die sewende vir rus gebaseer op die skeppingsweek (Ex. 20:11). Daar moet op gelet word dat die gebod beide die ses dae se werk en die sewende dag se rus ervaring omvat. In der waarheid, die bevel om op die sewende dag te rus is voorafgegaan deur die opdrag, **ses dae moet jy arbei en al jou werk doen.** - Ex. 20:9. Dit beteken dat die werk van die ses dae beskou word as inleiding of 'n nodige pelgrimstog om die "rus" ervaring van die sewende dag te bereik.

Dit is Goddelike besorgdheid vir die mens se welsyn wat God gelei het om die model van ses dae vir werk en die sewende vir rus vas te stel. Ervaring leer ons dat werk en rus twee werklike en belangrike menslike behoeftes is. 'n Persoon wat werkloos is, voel nutteloos. Werk is nodig om eiewaarde te ervaar, om jou kreatiewe vermoëns te ontwikkel en om die beeld van die ewig-kreatiewe Skepper te weerspieël. As werk nodig was voor die val om mense se lewens te verhef met belonende aktiwiteite, hoeveel te meer is

dit vandag nodig wanneer ledigheid mense in allerhande soorte ondeugde en misdade wegluk.

Rus as God se sorg

Alle werk, òf dit verpligtend òf vrywillig is, kan, as dit nie deur rus gebalanseer word nie, 'n onderdrukkende en onverbiddelike meester word.

Rus as vryheid van werk

Die Sabbatsrus beteken vryheid van werk vir die hoof/baas/eienaar, die dienskneg en die diere (Ex. 20:10; 23:12; Deut. 5:14). Hoekom is selfs die diere by die Sabbatsrus ingesluit? Omdat God Sy ontferming ook na die onintelligentes en weerloses uitbrei. Dat God se Sabbatsrus allesinsluitend is, openbaar God se besorgdheid vir die herstel van totale harmonie tussen die mens en die natuur. Die Sabbatsrus bevorder vryheid van gierigheid. Die Sabbat leer die begerige hart om dankbaar te wees - om vir een dag te stop om na meer te streef en begin, intendeel, om met dankbaarheid die seëninge wat ontvang is te erken. 'n Persoon wat leer om dankbaar te wees ervaar innerlike vrede, aangesien 'n dankbare hart die

Rus as vryheid vir God.

Die Sabbatsrus beteken vryheid vir God. Deur woonplek van Christus en Sy vrede is.

Homself geheel en al vir Sy skepping op die sewende dag beskikbaar te maak, openbaar God die grootheid van Sy liefde teenoor hulle. Op 'n soortgelyke wyse word die mens uitgenooi om op God se liefde te reageer deur hulself vir Hom beskikbaar te maak. Dit is hoekom die Gebod beveel om al die werk in ses dae te doen ten einde vry te wees om die sewende dag te wy **aan die Here jou God.** - Ex. 20:10. Die doel van die Sabbatsrus is nie slegs mensliewend, dit wil sê om die nodige fisieke

verfrissing te voorsien nie. As dit die enigste doel van die Sabbatsrus was, dan kon ander verstandige planne maklik gemaak word om so 'n doelwit te bereik. Miskien is dit hierdie wanbegrip van die Sabbatsrus wat so baie mense lei om "verfrissing" op hierdie dag te soek soos sport, alkohol, flankeerdery, ens. Sulke aktiwiteite verlig mense van geen van hulle laste nie, maar lê slegs nuwes op hulle.

In die Skrifte, intendeel, is die Sabbatsrus duidelik omskryf. Dit is nie 'n nuttelose, lekker tyd nie, maar 'n **dag van volkome rus, heilig aan die Here**. - Ex. 31:15; 16:23-25; 20:10; Lev. 23:3. Terwyl die Sabbat vir die mens gegee is (Ex. 16:29; Mark. 2:27), behoort dit nogtans aan God. Daarom is die mens se rus op die Sabbat nie 'n *selfgesentreerde* ontspanning wanneer alle wense en begeertes sonder beperking vervul kan word nie, maar eerder 'n goddelik-gesentreerde rus wanneer, vry van kommer oor werk, 'n persoon vry is vir God Homself. In hierdie nuwe vryheid vind hy/sy ware verkwikking. Soos Karl Barth nadruklik verklaar het: "Om die heilige dag te onderhou beteken ook om jou vry te hou vir deelname aan die lofprysing en aanbidding en getuig van die bekendmaking van God in Sy gemeente, in gemeenskaplike danksegging en intersessie."

Die gevolgtrekking wat uit hierdie besinning na vore kom, is dat die patroon van ses dae vir werk en die sewende vir rus, wat God by die skepping deur Sy persoonlike deelneming bepaal het, vorm 'n goddelike openbaring en herinnering van Sy besorgdheid vir die mense se fisieke, sosiale en geestelike welstand.

VIERING VAN DIE GOEIE NUUS OP DIE SABBAT

Wat 'n merkwaardige Goddelike besorgdheid gee hierdie instelling vir die mens se welsyn te kenne. Die dag beliggaam effektief God se beloftes deur Sy Goddelike teenwoordigheid. Wat moet die mens se reaksie op hierdie Goddelike openbaring van besorgdheid wees? Hoe moet 'n

gelowige die seëninge van God se heiligende teenwoordigheid op die Sabbat vier en ervaar? Die vierde gebod bied twee belangrike voorstelle: 1. Gedenk [onthou, onderhou, vier] die Sabbatdag. 2. Werk ses dae en rus op die sewende.

Gedenk [onthou, onderhou, vier] die sewende dag

In die openingsriglyn sê die vierde gebod: **Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig.** - Ex. 20:8. Wat beteken die daad/handeling om die Sabbat te gedenk? Is die "gedenk" en die "heilig" hou van die Sabbat verwant? Is die "gedenk" miskien 'n nodige voorvereiste om die heiligheid van die Sabbat te ervaar? Datums speel 'n belangrike rol in ons persoonlike en nasionale lewe. Mense vier verjaarsdae, troudatums, Vaders- en Moedersdae en ander soortgelyke dae. Die belangrikheid van enige datum word bepaal deur die gebeure wat daarmee geassosieer word. Op Moedersdag, byvoorbeeld, spandeer jy tyd om nie slegs die dag toe jou moeder jou in die wêreld gebring het te onderhou nie, maar in die besonder haar onafgebroke sorg. Soortgelyk is die Sabbat 'n tyd om God nie slegs te onthou vir Sy oorspronklike volmaakte skepping nie, maar ook vir Sy konstante sorg vir hierdie wêreld en al sy mense. Dit beteken om God se reddingsdade, soos die skepping, die manna, die exodus[uittog], verlossing en finale herstel te onthou en gedenk.

God is bewus van die feit dat mense slegs 'n lewende en liefdevolle verhouding met Hom kan volhou tot die mate wat hulle in staat is om 'n vars herinnering en bewustheid van Sy handeling met hulle in die verlede, die teenswoordige en die toekoms te hê. Dus, op en deur die Sabbat nooi die Here ons uit om die Goeie Nuus te onthou dat Hy ons oorspronklik volmaak geskep het; dat Hy aanhoudend vir ons sorg; dat Hy ons volkome verlos [vrygekoop] het en dat Hy ons uiteindelik sal herstel, vernuwe.

Om die Sabbat te gedenk [onthou] en heilig te hou beteken om tyd te spandeer om God vir al Sy barmhartighede te erken en te dank. Dit beteken om "nee" te sê vir die vals aanmatigings en verwaandheid van menslike selfvoorsiening en om "ja" te sê vir die Here van die Sabbat deur jouself aan Hom beskikbaar te stel. Dit beteken om God se handelwyse te erken eerder as om in jou eie prestasies te vertrou. Dit beteken om op te hou om jou oor jou eie behoeftes te bekommer en begin dink aan die behoeftes van ander, of hulle "seuns of dogters" of "diensknegte" is (Ex. 20:10). Dit beteken om die eie-ek en selfsugtige belange te vergeet soos Maria om Christus as die spesiale gas te eer en Hom in alles wat jy doen te erken. Deur die teenwoordigheid van Christus in al sy aktiwiteite (of dit aanbidding, geselskap, eet, stap, lees, na musiek luister, besoeke, ens.) te gedenk [onthou] en te beoefen, ervaar en vier die gelowige die heiligheid van die Sabbat, dit wil sê die openbaring van God se persoonlike teenwoordigheid in sy lewe. Die bewustheid van die nabyheid van God wek op en spoor aan en bring alles wat rein en die beste is na vore.

Werk en rus

Die werk van die ses dae word voorgestel as 'n natuurlike voorspel of voorvereiste om die ruservaring van die Sabbat binne te gaan. Synde die voorbereidende ervaring vir die Sabbatsrus deel die werk van die ses dae in die viering van die Sabbat. 'n Mens kan sê dat soos die doen van al die werk gedurende die week die gelowige ontvanklik maak om op die Sabbat die kameraadskap met God vryliker en voller binne te gaan, so stel die Sabbatervaring van God se teenwoordigheid die Christen in staat om 'n bewustheid van God se teenwoordigheid gedurende die week te handhaaf. Sodoende maak die werk-rus-program van die Sabbatgebod dit moontlik om na al die weksdae God se heiligende teenwoordigheid, wat op 'n spesiale manier op die Sabbat ervaar was, uit te brei.

Rus op die sewende dag

Die Sabbatsrus gee wysheid om te onderskei tussen die kleinere en die grotere, tussen die gewone en die heilige. Soos God, deur op die sewende dag te rus, hierdie dag van die vorige ses dae geskei het deur dit die dag van Sy heilige teenwoordigheid te maak, so trek die gelowige deur op die Sabbat te rus 'n duidelike skeidslyn tussen hierdie dag en sy werksdae. Die trek van hierdie skeidslyn tussen werk en rus, tussen werktyd en heilige tyd, is die basis van die heiliging van die Sabbat. God het die skeidslyn tussen die eerste ses dae van die week en die sewende getrek en laasgenoemde gekies as die spesiale tyd om die mens met Sy teenwoordigheid te seën. Die gelowige, wat God as sy Skepper aanvaar, moet ook aanvaar wat God geskep het en dit nie in iets anders verander nie. So 'n aanvaarding druk eerbied en ontsag vir God uit. Dit is uit eerbied en ontsag teenoor God dat die gelowige sy werkprogram onderbreek (**die sewende dag is die sabbat van die Here jou God** - Ex. 20:10). Nogtans is hierdie rustyd en verposing vir die mens se eie saligheid, sieleheil, behoud, want dit is in God se teenwoordigheid dat hy **rus, vrede** en die **ewige lewe** vind.

Die werk-rus-program in die Sabbatgebod uitgespel, verteenwoordig nie alleen 'n verbasende openbaring van God se besorgdheid vir die mens se welsyn nie, maar ook 'n onmisbare voorwaarde om God se heiligende teenwoordigheid in 'n ordelike wyse te ervaar. Dit verteenwoordig 'n ordelike reaksie tot 'n Heilige God, want dit is nie 'n kortstondige, geestelike ekstase en opgewondenheid nie, ook nie 'n sorgvrye losbandigheid aan 'n onkonvensionele lewenstyl waarvan die ideaal is om die vloei van die Gees passief te ervaar nie, maar 'n beplande ontmoeting. Die beplanning behels die voltooiing van die doelwitte wat vir die week gestel is, of ten minste die beste pogings aangewend om dit te voltooi, ten einde

op die Sabbat beskikbaar te wees om God se heilige teenwoordigheid in 'n voller maat te ervaar.

God se heiligheid kan nie uit voorwerpe verkry word nie, maar dit kan in tyd ervaar word. Die Sabbatsrus voorsien die raamwerk om God se heilige teenwoordigheid te ervaar. Dit nooi die gelowige om in die heilige teenwoordigheid van sy/haar Skepper te rus, ten einde die betekenis van al Sy handelswyse te verstaan; ten einde orde te bring in 'n dikwels wanordelike lewe. Dit beteken dat rus op die Sabbat nie eenvoudig 'n een dag viering van God se heiligheid is nie, maar dit is die verlenging van die Goddelike, heilige teenwoordigheid na al die ander werksdae. Met die versekering van God se teenwoordigheid, stuur die Sabbat ons uit na die ander dae van die week en maak hulle almal deur 'n spieëlbeeld "klein Sabbatte." Omdat die ses werksdae hulle betekenis in die sewende dag van rus vind en die sewende dag sy betekenis in God se teenwoordigheid onder Sy volk vind, is die betekenis van alle menslike tyd in kameraadskap met God te vind.

Die Sabbat verkondig inderdaad goeie tydings van God se sorg vir die mensdom. Die studie van die Sabbat werk-rus-program en sy Goddelike seëninge het getoon dat dié dag God se diepgaande besorgheid oor Sy skepsels is. Die Sabbat openbaar God se versekering van 'n teenswoordige en toekomstige oorvloedige lewe deur Sy heilige teenwoordigheid geseën. Dit bied God se gawe van vryheid aan die mensdom: vryheid om lief te hê en beide God en medemens te dien. Die sewende dag voorsien 'n welkome, weeklikse geleentheid om die **Goeie Nuus van God se Sorg** te vier.

*Samuele Bacchiocchi: *Divine Rest for Human Restlessness*, pp. 79-104.

*DIE WERKLIKE KWESSIE IN DIE KOMENDE SONDAGSWET **

Terwyl dit belangrik is om die regte dag waar te neem is dit selfs belangriker om die regte ervaring te hê. Dit is beter om die regte ervaring met Christus te hê en die verkeerde dag te onderhou as om die regte dag te onderhou en die verkeerde ervaring te hê. Sommige Jode eer die regte Sabbatdag, maar het die "Here van die Sabbat" gekruisig (Matt. 12:8). Wanneer die finale, kragtige wekroep uitnodiging na die wêreld toe gaan (Openb. 18:1-4) sal, nieteenstaande die magte wat teen die waarheid gekombineer is, 'n groot aantal hulle plek aan die Here se kant inneem. Baie is Sondagonderhouers wat alreeds die regte verhouding met Christus het. Al wat hulle nodig het om te doen is om die dag te verander en hulle het tyd om dit te doen.

In teenstelling, sommige onderhou die regte dag, maar het nie die regte verhouding met Christus nie. Omdat die finale bewegings snel opeenvolgend sal wees, mag daar nie genoeg tyd wees om 'n ervaring te transformeer om Christus te leer ken nie. Om 'n dag te verander neem 'n oomblik, om 'n verhouding te verander neem baie langer. Sabbatonderhouding beteken nie noodwendig dat 'n mens aan Christus toegewyd sal bly wanneer die Sondagswette kom nie. In der waarheid, in daardie dreigende krisis, sal 'n groter deel as wat ons nou voorsien op verleidende geeste en die leerstellings van duiwels ag gee en van die Kerk afwyk. Hoeveel sal dit wees? So baie sal uit die Kerk gaan, dat dit lyk asof die Kerk gaan val, maar die Kerk val nie. Sy oorwin, terwyl die sondaars in Sion uitgesif sal word - die kaf geskei van die kosbare koring. Dit is 'n verskriklike beproewing, maar dit moet nogtans plaasvind.

Wanneer Sabbat-onderhouers hongersnood in die gesig staar, omdat hulle nie sal kan koop of verkoop nie (Openb. 13:16,17) en die dood deur 'n

universele doodsdekrete hulle bedreig, wat sal maak dat hulle aan die Sabbat getrou bly? Wat sal hulle bind om eerder te sterf as om die Sabbat op te gee? Veel meer as om net te weet watter dag van die week dit is. Nie voordat hulle beseft dat om die Sabbat prys te gee is om Christus te verwerp, sal enigeen gewillig wees om vir die Sabbat te sterf nie. Sabbat-onderhouding is nie so seer om 'n dag te onderhou as wat dit is om in daardie dag deur Christus onderhou te word nie. Ten diepste is Sabbat-onderhouding nie iets wat mense kan doen nie - maar iets wat Christus doen. Die kern van die Sabbat - die onderskeiding tussen Skepper en skepsel - affekteer radikaal die manier hoe ons die Sabbat onderhou.

Op menslike ervaring oorgeplaas, beteken dit dat daar 'n radikale verskil bestaan tussen God se deel en die van menslike wesens. Hy het mense in die wêreld gebring - mense het hulle nie self geskep nie. Soortgelyk is dit Sy verantwoordelikheid - nie die mensdom nie - om hulle in die volgende wêreld te kry. Die enigste verskil tussen die twee ingange is dat menslike wesens niks met die eerste een te doen gehad het nie, maar hulle kan die tweede aanneem of van die hand wys. Dit is daarom sinneloos om jou te bekommer oor enige "hoe vrae", soos hoe 'n mens die druk van die wêreld teen jou sal weerstaan (Openb. 13:3). 'n Mens moet eerder met die "wie vraag" besig wees - met Jesus, om Hom te ken, is die ewige lewe (Joh. 17:3). Dit is Wie jy ken wat die beslissende verskil maak - en die Sabbat is presies die tyd aan mense gegee om Christus self intiemer te leer ken.

Om Hom te ken is die mensdom se verantwoordelikheid, terwyl om die gelowiges in die hemel te kry Syne is - net soos dit die Hebreërs se taak was om op die plein van Dura trou te staan en dit God se taak was om hulle in die vuuroord lewend te hou (Dan. 3:1-30; Heb. 11:33). Dit is lewensbelangrik dat ons die onderskeiding tussen die Skepper en Sy skepsels beseft. En dit is uiters belangrik dat ons beseft dat slegs om in

Hom te rus die oorblyfsel deur die finale krisis sal dra. Ons moet in Christus se voltooide werk aan die Kruis rus - beseffende dat Sy dood ons onomkeerbaar verseker dat hierdie wêreld Syne is, dat die mens se geskiedenis uiteindelik onder Sy beheer is en dat die ewige lewe vir hulle wat in Hom bly, verseker is (Joh. 15:1-11). Die Kruis het die groot Sabbatsrus ingelei - 'n rus in die Skepper se voltooide werk wat waarborg dat niks in die teenswoordige of toekoms, demone of wêreldmagte Sy volk van Hom kan skei nie (Rom. 8:38,39). Want dit is die Oorwinnaar van die Kruis **wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor Sy heerlikheid te stel met gejuig.** - Judas 24:24.

Die finale exodus

Baie Ou Testamentiese tekste funksioneer as tipes van die laaste stryd tussen waarheid en dwaling. Dit is goed om hulle weer en weer te lees om hulle in ons geheue te vestig om ons te bemoedig soos ons die tyd in die gesig staar wanneer die Sabbat die groot strydpunt sal wees. Sulke Skrifgedeeltes sluit in Josua 10:7-14 en Job 38:22,23. Hulle dui aan dat God hael as 'n wapen teen die vyande van Sy volk gebruik. Openbaring 16:17-21 toon dat Hy dit weer in die sewende plaag sal aanwend. 'n Aantal tekste sê dat God sal veroorsaak dat die vyand mekaar sal doodmaak, bv. Rigters 7:19-23; 1 Samuel 14:19,20; 2 Kronieke 20:22-24; Jesaja 19:2; 31:1-23; Esegïël 38:14-23; Haggai 2:22. Ander gevegte wat 'n voorbeeld is van Armagédon verskyn in Rigters 4,5; 1 Konings 18:16-40; Jesaja 34:8-10; Jeremia 25:12-15; 29-38 en Sagaria 14:13. Laastens, Jesaja 63:1-6 is tipies van die beskrywing van Armagédon in Openbaring 19:14-21. Al hierdie tekste het een ding in gemeen: Sonder Christus is die oorwinning onmoontlik. In die gevegte van die verlede was God se mense ver in die minderheid. Hulle het hulpeloos gevoel, maar hulle het in hul enigste Helper gerus. Dit is die kern van die Sabbatsrus in die komende stryd.

Die uittog uit Egipte is 'n tipe van die uittog deur finale gebeure. Dit was vir die kinders van Israel belangrik om hulle uiterste behoefte aan God in hulle ontsnapping te besef. God sowel as hulle het 'n aandeel gehad. Hulle aandeel was oneindig klein, maar noodsaaklik. God het aan hulle leier gesê: **Hef jou staf op en steek jou hand uit oor die see en kloof dit, sodat die kinders van Israel dwarsdeur die see op droë grond kan trek.** - Ex. 14:16. Die Israëliete het die Rooi See binnegegaan en deurgetrek soos God die waters vir 'n veilige deurgang oopgemaak het. Soos hulle deur die deurgang trek, met die wêreld van toe se grootste weermag wat hulle agtervolg, kon hulle slegs na God vir oorlewing kyk. Of hulle dit geweet het of nie, hulle het die kern van die Sabbat-ervaring ondervind - die onderskeiding tussen die Skepper en hulself as skepsels.

In die finale uittog sal alle aardse ondersteuning van God se gelowiges weggeneem word. Hulle kan nie koop of verkoop nie (Openb. 13:17), die wêreld is teen hulle (verse 3,12), en 'n doodsdekrete hang oor hulle koppe (vers 15). Al wat hulle kan doen, is om in God te rus, beseffende dat dit Sy taak is om hulle daar te kry. Hulle rol is slegs om onvoorwaardelik op Hom te vertrou. Hulle sal uitroep soos Israel in die tyd van Josafat gedoen het: *Onse God, sal U nie teen hulle strafgerig oefen nie? Want in ons is geen krag teenoor hierdie groot menigte wat teen ons gekom het nie; en ons weet nie wat ons moet doen nie, maar ons oë is op U* (2 Kron. 20:12). God het geantwoord: *Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die Here by julle.... Vrees nie en wees nie verskrik nie; trek môre teen hulle uit, en die Here sal met julle wees.* - 2 Kron. 20:15-17.

So was dit ook in die Exodus. **Moses het aan die volk gesê: Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die Here wat Hy**

vandag vir julle sal bewerk; want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie. Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees. - Ex. 14:13-14. Al wat Israel moes doen, was om God se instruksies te volg om oor te steek. Hy het die res gedoen, terwyl Hy Sy volk beskerm het (vers 19). Die kinders van Israel het binne-in die see op droë grond getrek. En die waters was vir hulle 'n muur aan hulle regter- en aan hul linkerkant. So het die Here Israel dan die dag uit die hand van die Egiptenaars verlos (vers 29) en verwarring oor die Egiptenaars gebring. En Hy het die wiele van hulle strydwaens laat insak en hulle met moeite laat voortgaan. Toe sê die Egiptenaars: Laat ons van Israel af wegvlug, want die Here stry vir hulle teen die Egiptenaars (vers 28). Hy het magtig vir Israel gewerk in 'n bevryding wat vinnig, volledig en finaal was.

Geen wonder die bevryde Israel het die lied van Moses gesing nie. Hierdie lied is vir ons opgeteken in Eksodus 15:1-13. Lees dit en word versterk.

Na die uittog het God 'n nuwe rede vir Sabbat-onderhouding bygevoeg bo en behalwe om Hom as Skepper te eer: **Jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die Here jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het die Here jou God jou beveel om die Sabbatdag te hou.** - Deut. 5:15. Behoorlik verstaan, is ons uiterste afhanklikheid van Christus in die uittog die kern van die Sabbatsrus in Hom.

Die manier om vir die komende krisis voor te berei is om te onthou dat Christus ons Skepper en Bevryder is. Ons moet die skuiling van God se teenwoordigheid binnegaan, in Hom bly en Hom toelaat om ons verhouding met Hom deur Bybelstudie en kameraadskap en deur die inwoning van die Heilige Gees (Rom. 8:9) te versterk. Nie voordat ons die onderskeid tussen onself en ons Skepper besef nie, nie voordat ons niks in onself vind om ons by Hom aan te beveel en ons vir die hemel geskik te maak, sal

ons werklik in Hom rus nie. Rus in Hom is die hart van die evangelie. Dit is die goeie nuus dat in Hom alleen is ons aanspraak en geskiktheid vir die hemel. Al het ons al die goeie dinge gedoen, is ons steeds onverdienstelike diensknegte (Luk. 17:10). Weg is die vertrouwe in werke, in posisie en titel. Ons het soos klein kindertjies geword wat alleen in God vertrou (Matt. 18:3). Sabbat- onderhouding is meer as om 'n dag te onderhou - dit is om in daardie dag deur Christus bewaar te word. Dit is 'n dag wat ons daaraan herinner dat Hy vir ons alles beteken, 'n dag waarin ons in Hom alleen ons eie verdienste vind. Die Sabbat sê vir ons dat Hy ons gemaak het en verlos het. Ons is vir God van belang.

Moderne, geestelike Israel, ons, sal op die oewer van die Rooi See kom wanneer die Sabbatstoets en doodsdecreet teen ons ingestel word en die hele wêreld ons as hulle vyand omring. Nou sal die Exodus-tipe sy kosmiese teenstelling kry. 'n Wêreldwye vermeerdering, insluitende die ergste tyd van benoudheid ooit (Dan. 12:1), sal vir God se oorblyfsel begin. Alle aardse ondersteuning het verdwyn. God se mense het slegs Een waaraan hulle kan vashou. Soos Jakob hou hulle aan Christus vas (Gen. 32:22-26). Christus het die gelowiges belowe: **Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie** (Heb. 13:5), omdat **Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.** - Matt. 28:20.

Hy staan met ons in die finale vuuroond (Dan. 3:25), **Wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.** - 1 Kor. 10:13. Hy het belowe: **Ek sal jou bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.** - Openb. 3:10. Donker sal die nag van ons wêreld se einde wees, maar helderder en glorieryker die bevryding. God sal saam met ons in die loopgrawe staan en 'n pad oopmaak deur die finale gebeure.

Die gelowiges sal op droë grond deurtrek soos God die verwoestende waters terughou wat dreig om die oorblyfsel te verwoes. Bevryding sal kom en die gelowiges **het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd-vier-en-veertig-duisend wat van die aarde vrygekoop is.** - Openb. 14:3. Dit is die lied van hulle ervaring - 'n ervaring soos geen ander groep nog ooit gehad het nie.

Wat is hierdie lied wat hulle sing? Hulle sing die lied van Moses en van die Lam. *Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is U weë, o Koning van die Heiliges! Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat U regverdige dade openbaar geword het.* - Openb. 15:3,4. Soos antieke Israel na die uittog, sing hulle nie van hulself nie. Hulle lied is slegs omtrent Christus. Hulle aanbid en prys Hom alleen, wat openbaar hoe hulle van Satan verskil.

Terwyl hulle die onderskeid tussen Skepper en skepsels ken, ontken Satan hierdie feit. Die verlorene is hulle wat probeer het om God se plek in te neem en sodoende hulle eie verloor het. Die verlostes besef God se plek en bly tevrede met hulle s'n. Hulle probeer nie om God te wees nie, maar rus in hulle Skepper-Verlosser. Daarom onderhou hulle die Sabbat van Christus, omdat Hy hulle bewaar.

Hierdie beslissende verskil tussen die verlostes en die verlorene is hierdie verstaan en aanvaarding van die onderskeid tussen Christus en hulle. Die verlostes sal hierdie onderskeid ervaar soos hulle in Hom rus. Dit sal hulle deur die finale uittog van eindtyd gebeur kry en is die kern van die Sabbat. Hulle rus in Christus alleen en sal dwarsdeur die ewigheid van Hom en hulle ervaring gedurende die eindtyd sing (Openb. 14:3). Ons moet die finale gebeurte vanuit hierdie perspektief beskou, omdat ons die

Sabbatsrus in Hom sal ervaar wat veroorsaak dat ons die lied van bevryding in die lewe wat kom, sal sing.

Sentraal tot die bevryding deur die Rooi See en die finale gebeure is die verlossing van die Kruis. Daar het Christus nie deur die waters gegaan nie, maar beswyk aan die dood wat ons verdien. Hy het die vyand in ons plek geword. Hy wat geen sonde geken het nie, het vir ons sonde geword (2 Kor. 5:21). Hy het ons plek geneem en was oorgelewer ter wille van ons misdade (Rom 4:25), sodat ons op droë grond kan deurtrek. Geen wonder ons sal vir ewig die lied van Moses en die Lam sing nie, die lied van bevryding. Om in Sy verlossing te rus is die hart van die evangelie en die ware betekenis van die Sabbat. Alle pogings om die Sabbat te verander, selfs onder 'n Christen-dekmantel, is 'n poging van rebellie om onself te verlos, om in jou eie krag te probeer deurtrek en om aan die Redder die behoorlike onderskeid tussen Hom as Skepper-Verlosser en menslike wesens as Sy afhanklike skepsels, te ontken.

Hoe om sekerheid te hê

Geloof in Christus se werke vir ons, vertrou in Hom as ons Redder - dit is wat sekerheid bring. Eers wanneer ons met Hom in 'n verhouding is, dan volg die werke (Joh. 14:15). Ek doen dinge om my vrou gelukkig te maak, nie om haar liefde te verdien nie. Sy het my alreeds lief. Ek doen hierdie dinge, omdat ek haar liefhet. So is dit met Christus. Oorweldig deur Sy groot gawe - Sy dood, die betaling vir ons sonde - bevind ons onself vervul met dankbaarheid en vreugde. Ons verlustig ons in Sy teenwoordigheid en het die sekerheid.

Sondaars wil van nature verlossing verdien en sodoende sekerheid. Hulle voel hulle moet; en as hulle op 'n manier dink dis moontlik (wat nie is nie), laat dit hulle goed voel. Om vir verlossing te werk is die basis van elke nie-Christen godsdiens. Soos Christian in *The Pilgrim's Progress* het hulle

dit nodig om die Kruis te vind, en laat **die laste van hulle rug afrol**. Die Kruis het hulle nog nie bevry nie. Hulle werk hul hemel toe, maar 'n mens kan slegs deur die Kruis daar kom. As om die hemel te bereik van hulle werke afhang - op wat hulle kan doen - swoeg hulle onder 'n onnodige vraag. Wat is die nut daarvan om deur die finale-gebeure reis so terneergedruk te gaan, terwyl die Kruis ons van sulke laste kan verlos.

Die Goeie Nuus

Dit is waar dat alle mense sondaars is (Rom. 3:9). **Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie** (vers 12). So, al die goeie werk wat ons doen, beteken niks wanneer dit by verlossing kom nie. God is in die hemel en ons op die aarde. Dit maak nie saak hoe hoog ons spring nie, ons kan dit nie tot daar maak nie. Die gaping is te groot. Die hemel is totaal buite bereik.

God het ons toestand gesien. Hy het geweet ons kan nie van ons kant na Sy kant oorgaan nie, dat selfs ons beste pogings om 'n goeie lewe te leef nie sou help nie. Daarom het Hy na ons tot gekom, het mens geword, geleef en gesterf om die gaping te oorbrug. In Sy laaste ure het Hy ons sondes gedra en het vir ons sonde geword, in ons plek (2 Kor. 5:21), het Hy vir ons sondes gesterf, sodat ons nie nodig het om daarvoor te sterf nie. Hy het toegelaat dat dit Sy lewe uitpers, sodat ons nie nodig het om die vraag te dra nie. Paulus vergelyk die rebellie in Eden met Christus se dood aan die kruis. **Net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe.** - Rom. 5:18. Christus het werklik ons plek aan die kruis ingeneem. Ons kan vry gaan.

Nie alleen wat Christus gedoen het nie, maar wat Hy steeds doen, verseker ons van verlossing. Paulus verklaar: *Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.*

Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van Sy Seun, veel meer sal ons deur Sy lewe gered word nou dat ons versoen is. - Rom. 5:9,10. Christus het vir ons verlossing aan die kruis betaal. Hy tree vir ons by God se troon in. **Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.** - Heb. 7:25.

God het ons lief, nie omdat ons goed is nie, want vergeleke met Hom is ons definitief nie. Eerder, Hy het ons lief, omdat Hy goed is. Die mens se verlossing is deur en deur Sy werk. Die Vader het Sy Seun gegee (Joh. 3:16). Die Seun het Sy lewe gegee (Luk. 22:42). Die Heilige Gees bring daardie verlossing binne-in elke persoon wat dit aanvaar. **As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?** - Rom. 8:31,32. God wil ons dié sekerheid gee. Hoe gebeur dit?

Sekerheid kom wanneer ons ophou om na onself en ons eie pogings te kyk en op Christus en die Kruis fokus. Deur na Hom te kyk, deur te reageer op wie en wat Hy is, kan die Heilige Gees ons verander (2 Kor. 3:18). Waarop ons konsentreer is die sleutel. Wanneer mense na binne kyk, het hulle nie die sekerheid nie. Maar wanneer hulle na Christus kyk, gee Hy hulle die sekerheid. Hy het gesterf om ons te verlos. Dit beteken dat verlossing verseker is - indien ons dit aanvaar. Nie alleen dit nie, deur die Heilige Gees ontvang ons Christus (Joh. 14:15-18). Ons is nie alleen nie.

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is (vermoeid met werke en belas omtrent verlossing en sekerheid), **Jesus pleit, en Ek sal julle rus gee.** - Matt. 11:28. **Bly in My, soos Ek in julle...sonder My kan julle niks doen nie.** - Joh. 15,4,5. Verlossing is eenvoudig Jesus Christus! Punt! Verlossing is 'n gawe, 'n gawe wat met die Gewer kom. Ons ontvang

verlossing deur die ontvangs van die Redder. Dit is: **Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlijkheid.** - Kol. 1:27.

Christus in jou

Christus in jou is net soveel 'n gawe as die Kruis. Sonder Christus is ons lelik van binne. En sonder Sy transformerende teenwoordigheid het ons geen hoop nie en daarom geen sekerheid nie. Sekerheid kom van Christus - deur ons lewens op Hom en die Kruis te fokus en deur Hom inwonend te hê - en in daardie volgorde.

Baie Christene doen alle soorte dinge om goed omtrent hulself te voel, soos om nuwe klere te koop, kry 'n nuwe motor, werk hard om meer geld te verdien, werk vir bevordering - alles uiterlike prioriteite. Maar geen uiterlike prioriteite bring sekerheid nie. Slegs Christus se inwoning kan ons lewens vernuwe en die geestelike sekerheid bring waarna ons verlang.

Toewyding aan Christus

Stiltetye is tye wanneer ons ons aan Christus toewy. Dit is meer as om vir inligting te lees, dit is 'n nuwe daaglikse gee van onself aan die Een wat Homself vir ons vir ewig gegee het. Dit is tyd om na die Kruis te staar om Hom daar vir ons te sien hang. Tyd om Sy dood as ons vergifnis, aanvaarding en sekerheid te sien. Die Kruis is konkrete, onomkeerbare, onweerstaanbare, oorvloedige bewys dat Hy vir ons kaartjie na verlossing betaal het. Al wat ons moet doen, is om te aanvaar. Sy dood maak ons toekoms seker en waarborg ons bestemming. Wil jy nie jou geskenk opeis nie? Dit is beter as enige lotery. Aanvaar Jesus as jou Redder en jou verlossing is verseker. Christus en Christus alleen is ons sekerheid.

*Norman Gulley: *Christ is Coming*, pp. 365-370; 458-461.

DIE KERK OORWINNEND *

Endag sal alles verby wees. Die laaste preek sal gegee wees. Die laaste evangelisasiebyeenkoms gehou. Die laaste Bybelstudie gedeel. Die laaste karakterontwikkeling voltooi. Die genadedor sal sluit en almal sal 'n besluit vir of teen om deel van die koninkryk van God te wees, geneem het. Johannes het 'n groot groep, wat die eersgenoemde groep teen die einde van die tyd insluit, gesien en selfs gehoor. Hy sê: *En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! Want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou [die Kerk] het haar gereed maak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink, fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daad van die heiliges.*- Openb. 19:6-8.

Ten spyte van wat ons nou hier sien, kan ons deur die oog van die geloof sien dat 'n beter wêreld binnekort kom. "Nou is die kerk strydend. Nou word ons met 'n wêreld in duisternis gekonfronteer - bykans geheel en al aan afgodediens oorgegee. Maar die dag is aan die kom wanneer die stryd verby sal wees, die oorwinning verkry. Die wil van God moet op die aarde soos in die hemel geskied. Die nasies van die gereddes sal geen ander wet as die wet van die hemel ken nie. Almal sal 'n gelukkige, verenigde familie, geklee met die kleed van lofprysing en danksegging - die kleed van Christus se geregtigheid - wees. Die natuur, in sy onoortreflike lieflikheid, sal aan God 'n huldeblyk van lofprysing en bewondering bied. Die wêreld sal in die lig van die hemel gebaai wees. Die lig van die maan sal soos die lig van die son wees en die lig van die son sal sewevoudig helderder wees as nou. Die jare sal in blydskap verbygaan. Oor dié toneel sal die môresterre saamsing en die seuns/dogters van God sal van

blydskap sing, terwyl God en Christus verenig om te verklaar: "Daar sal geen sonde meer wees nie, ook sal daar geen dood meer wees nie." - *The Ministry of Healing*, p. 504.

Almal wat deel van die Kerk oorwinnend is, sal self individueel oorwinnend wees. So wat is vir 'n individuele oorwinning nodig?

1. **Ontwikkel en behou geloof in God. En dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.** - 1 Joh. 5:4.
2. **Hou jou oog op die prys. Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.** - Fil. 3:14.
3. **Gebed en kameraadskap met God. En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.** - Matt. 21:22.
4. **God se genade en ons poging.** Ons is uit onself nie in staat om die regte koers te volg nie. Dit is slegs die genade van God, met ons mees vasberade pogings gekombineer, wat ons die oorwinning kan behaal.
5. **Neem 'n besluit om oorwinnend te wees.** Die oorwinning kan behaal word, want niks is by God onmoontlik nie. Deur Sy instaatstellende genade kan alle slegte humeure, alle menslike verdorwenheid oorwin word. Jy kan as jy wil in die naam van Christus 'n oorwinnaar wees.
6. **Wy alles aan God toe. Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydskap daarvoor gaan hy en verkoop alles wat hy het en koop daardie saailand.** - Matt. 13:44.
7. **Wees gewillig om te ly.** En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word. - 2 Tim. 3:12.

8. *Verenig Goddelike krag met jou poging.* Dit is nie ons hemelse Vader se doel om ons te red sonder 'n poging van ons kant om met Jesus saam te werk nie. Ons moet ons deel doen en Goddelike krag, met ons krag verenig, sal die oorwinning bring.
9. *Wees gewillig en gehoorsaam. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet.* - Jes. 1:19.
10. *Weerstaan die duiwel. Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.* - Jak. 4:7. Satan sidder en vlug voor die swakste siel wat in daardie magtige Naam skuiling soek.

Daar is geen verborge misterie tot die verkryging van ons oorwinning nie. En ja, daar sal 'n groot menigte wees wat oorwinnend is. Natuurlik sal dit min in verhouding tot die biljoene wat op die aarde geleef het, wees. Maar, deur die genade van God, sal die oorwinnaars einde ten laaste op die see van glas staan. Daardie dag kan nie meer ver wees nie.

'n Menigte in die wêreld aanskou hierdie spel van die lewe - die Christen se stryd. En dit is nie al nie. Die Monarg van die heelal en die ontelbare hemelse engele is toeskouers van hierdie wedloop; hulle wag gretig om te sien wie sal suksesvolle oorwinnaars wees en die kroon van heerlikheid, wat nie verwelk of verflou nie, wen. Met intense belangstelling let God en die hemelse engele op die selfverloëning, die selfopoffering en die folterende pogings van hulle wat hul verbind om die Christelike wedloop te hardloop en te wen.

*G. Edward Reid: *Battle of the Spirits*, pp. 239-241.

*JESUS IN DIE SABBATSRUS **

Eindelik het Jesus gerus. Die lang dag van skande en lyding was verby. Toe die son se laaste strale die Sabbat daardie aand inlui, het die Seun van God stil in Josef se graf gelê. Sy taak was afgehandel en met Sy hande in vrede gevou, het Hy deur die gewyde ure van die Sabbatdag gerus.

In die begin het die Vader en die Seun op die Sabbat gerus na hul skeppingstaak. **So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag.** - Gen. 2:1. Die Skepper en al die hemelse wesens het hulle verheug in die betragting van die luisterryke toneel. **Toe het die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig.** - Job 38:7. Nou het Jesus gerus van die verlossingstaak en hoewel droefheid hulle vervul het wat Hom op aarde liefgehad het, was daar vreugde in die hemel. Die belofte van die toekoms was heerlik in die oë van die hemelse wesens. 'n Herstelde skepping, 'n verlose mensdom wat, nadat hulle die sonde oorwin het, nooit kan val nie - dit het God en die engele gesien as die gevolg van Christus se voltooide taak. Met hierdie toneel is die dag waarop Jesus gerus het, vir altyd verbind. **Want volkome is sy werk,** [Deut. 32:4] **en alles wat God doen, sal vir ewig bestaan.** - Pred. 3:14. **Wanneer daar tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al Sy heilige profete** [Hand. 3:21] kom, sal die Sabbat van die skepping, die dag waarop Jesus in Josef se graf gerus het, nog die dag van rus en blydskap wees. Die hemel en die aarde sal hulle verenig in lof wanneer die volke van die verlostes hulle **elke week op die Sabbat** [Jes. 66:23] in blye aanbidding voor God en die Lam sal neerbuig.

*Ellen White: *Koning van die Eeue*, p. 331.

*DIE OORGAWE **



God se finale oorblyfsel Kerk, wie hulle ook al uiteindelik sal wees, word deur twee spesifieke eienskappe geïdentifiseer: 1. Hulle onderhou die gebooie van God en 2. Hulle het die geloof van [en in] Jesus. Hulle oorblyfsel-posisie word op twee pilare gebou, een is leerstellig, omdat hulle weet dat God verwag dat Sy gebooie onderhou moet word. Die ander een is ondervindelik, omdat hulle 'n geloofservaring met Jesus het.

Op die eerste pilaar, hierdie mense is stewig in die Woord gegrondves. Hulle weet wat hulle glo en hoekom hulle dit glo. Hulle reken nie op hulle

pastoor, kerkleiers of die weë van die wêreld om hulle te lei nie. Hulleself, stewig in die Woord van God gegrondves, weet wat die Here van hulle vra. Ten spyte van ekonomiese en politieke druk, sal hulle God se gebooie onderhou, omdat hulle, intellektueel, uit Sy Woord weet dat gehoorsaamheid aan Sy wet is wat die Here beveel.

Die tweede pilaar is op hulle ervaring gebaseer. Die "geloof van Jesus", sonder twyfel, omvat baie dinge, maar die laaste dae van Christus se lewe toon dat dit 'n geloof wat alleen kan staan, insluit en tot die einde sal verduur - die geloof van die oorblyfsel.

Inderdaad was Jesus die ware oorblyfsel. 'n Simbool van diegene wat die waarheid nie slegs ken nie, maar van diegene wat teen die einde in werklikheid daardeur gered is. 'n Paar Hebreeuse woorde vir "oorblyfsel" beteken "om oor te bly", "om oorgebly te wees." Teen die einde van Jesus se aardse lewe en bediening was Hy die enigste wat oorgebly het, die enigste een van Sy kerngroep volgelingen, die kern deur wie Hy die nuwe geestelike Israel sou vorm. Hy alleen het getrou gebly, terwyl diegene rondom Hom gedurende 'n tyd van vervolging gevlug het. Sodoende was Hy in die ware sin "die oorblyfsel van die oorblyfsel."

In hierdie laaste dae, sal hulle wat begeer om onder "die oorblyfsel van die oorblyfsel te wees" die "geloof van Jesus" moet hê. Een van die duidelikste aspekte van Christus se gloof was dat dit standvastig gebly het, alhoewel almal om Hom afvallig geword, gevlug, Hom verwerp of vervolg het. Alhoewel Hy na menslike ondersteuning, vertroosting en bemoediging gesmag het, was dit Sy geloof wat Hom in staat gestel het om nie op hierdie dinge te vertrou nie.

In Getsémané, hoe baie sou die gebede en bemoediging van Sy mees vertroude dissipels nie vir Hom beteken het nie. In plaas daarvan het Hy hulle drie keer aan die slaap gevind. Nogtans het Sy geloof Hom in staat

gestel om bo Judas se verraad, Petrus se ontkenning en Sy dissipels se wegvlug uit te styg. Dit was 'n geloof wat - deur hoon gepynig, deur bespotting gemartel, deur haat seergemaak, deur verwerping gepynig - desnieteenstaande nie deur een hiervan geskud was nie. Jesus se geloof was nie van mense afhanklik nie. Dit was geheel en al tussen Hom en die Vader soos ons geloof ook moet wees. Soos die wêreld teen Jesus was, so sal dit teen ons wees. En nie alleen sal die wêreld ons teenstaan nie, baie wat die naaste aan ons is, sal ons verlaat, teen ons draai en, miskien die pynlikste, ons teleurstel en dit vir ons moeilik maak.

Dit is nodig dat ons uitreik na die **dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie** (Heb. 11:1), omdat die dinge wat ons kan sien, en bykans onvermydelik, ons sal teleurstel. Dit is nodig dat ons, soos Jesus, nie na die aardse, die tydelike kyk nie, maar na die hemelse en ewige. Besonderlik omdat, vroeër of later, die aardse, die tydelike teen ons sal draai. Die Hemel sal nooit.

Gelukkig is daar nog tyd om **die geloof van [en in] Jesus** te verwerf. Hierdie hoofkenmerk van die oorblyfsel is die enigste een wat saak maak. Om in die korporatiewe oorblyfsel te wees sal jou niks meer red as vir Agab, Absalom, of Judas nie. Adventisme waarborg nie dat jy onder die finale, getroue oorblyfsel wat saamgestel sal wees uit diegene wat ook al hulle agtergrond sal wees nie. 'n Reddende verhouding met Jesus Christus wat in gehoorsaamheid aan **die geboorte van God** tot uitdrukking kom, sal jou red. Sewendedagadventiste het 'n groter geleentheid om deel van daardie groep te wees - baie groter as hulle van ander agtergronde, maar tensy hulle hierdie geleentheid benut, sal hulle veroordeling erger as enigiemand anders s'n wees, omdat Jesus gesê het: **En elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word.** - Luk. 12:48.

Dus, wat ons nodig het, is 'n ervaring met die Here wat ons in staat sal stel om, soos Jesus gedoen het, die skudding van binne, sowel as die druk van

buite te oorleef. En die enigste manier om so 'n ondervinding te verkry, is op die wyse soos Jesus gedoen het - deur 'n lewe van kameraadskap, gebed en gehoorsaamheid aan die Vader.

Om mee te begin moet ons minder tyd spandeer om televisie te kyk en meer tyd om Bybel te lees; minder tyd om met mekaar te praat en meer tyd om met God te praat; minder tyd om te dink wat ons vir onself kan doen en meer tyd om te dink wat ons vir die Here kan doen; minder tyd om die weë van die wêreld te leer ken en meer tyd om Jesus te ken. Slegs diegene wat Hom goed genoeg ken om gewillig te wees om vir Hom te sterf, gaan as deel van daardie finale, getroue groep staan.

Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik. - Jes. 55:6,7.

Daardie woorde was vir God se korporatiewe oorblyfsel van die verlede, net so is hulle vir die oorblyfsel vandag. Die Here wil die goddelose "barmhartig wees" en die onregverdige "menigvuldiglik vergewe." Wie kan die goddeloosheid en die ongeregtigheid onder Sewendedagadventiste ontken? Jy hoef nie na die persoon in die bank langs jou of selfs so ver te kyk nie. Kyk na binne. Nietemin, **God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.** - Rom. 5:8. Dit sluit die onkruid in die Sewendedag adventiste Kerk in.

Jesus Christus, nie die Kerk nie, het na die aarde toe gekom om vir ons sondes te sterf en Sy perfekte geregtigheid ter wille van ons te offer. Daarom kan slegs Hy, nie die Kerk nie, ons red. Hy alleen is ons verlossing, nie die persoon wat ons na Hom toe gelei het, nie die leraar nie, nie die Sabbatskool-onderwyser nie, nie die konferensie evangelis, die akademiese hoof, die ouderlinge of die Algemene Konferensie president nie. Maak

hulle hande oop. Jy sal nie die merke van die kruis daar vind nie. Jy sal die spykermerke slegs in die hande van Christus vind.

Maar jy sê dat jy deur die Kerk seergemaak is? So was Uria, die Hetiet, toe die leier van die oorblyfsel Kerk by sy vrou geslaap het en hom daarna laat vermoor het. Jy was deur mense wat van beter moes geweet het, seergemaak? So was Nabot, die Jisreëliet, wat deur die koningin laat vermoor was, omdat sy sy wingerd vir haar man wou hê. Jy was deur onregverdigheid, skynheiligheid en die sondes van belyde Sabbatonderhouers gewalg? So was Jesaja wat 'n hele boek van die Bybel daaroor geskryf het. Jy was deur die kerkleierskap onbillik behandel? So was Jesus wat deur die oorblyfsel kerkleiers bespot, gehoon en daarna aan 'n kruis gehang was.

Wat anders kon jy verwag wanneer jy die geskiedenis van God se oorblyfsel in ag neem. As die korporatiewe oorblyfsel teen Moses gerebelleer het, die profete gestenig het, Jeremia in die tronk gesit het en die Redder van die wêreld aan 'n kruis gehang het, wat laat jou dink dat jy enigins beter behandel gaan word?

Ons het 'n vyand wat die Sewendedag Adventiste Kerk haat, wat daarna streef om mense weg te dryf. Ongelukkig was, en is steeds, sommige van sy effektiefste agente Sewendedagadventiste self. Hulle wat die opdrag het om mense in te bring!

Die kritiese vraag is: Sal jy by die waarheid bly? Die antwoord hang af van ons verhouding met Hom wat die waarheid is. **Ek is die weg en die waarheid en die lewe** het Jesus gesê (Joh. 14:6). Slegs 'n blywende ondervinding met Christus en met die waarheid, wat Hy vir hierdie tyd gegee het, kan jou bo die verwarring en troueloosheid wat jy in die gesig gaan staar, verhef.

Wees voorbereid: Dit gaan meer verg om getrou aan God te bly as om net van die Sabbat, die toestand van die oorledenes en die dieëtkundige voorskrifte en ander waarhede te weet. Jy sal die Here, wat ons hierdie leringe gegee het, moet ken. En nie om Hom slegs te ken nie, maar om Hom lief te hê. **Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod.** - Matt. 22:37,38. Ons word beveel om die Here lief te hê en daarom is dit eerstens nodig dat ons Hom ken, want hoe kan ons God liefhê, tensy ons Hom ken?

En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. - Joh. 17:3. As ons God ken en liefhet, dan sal ons God gehoorsaam, ten spyte van die druk wat die getroue oorblyfsel om van Hom weg te draai in die gesig gaan staar.

En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons Sy geboorie bewaar. - 1 Joh. 2:3.

Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy geboorie bewaar.- 1 Joh. 5:3.

Wie my geboorie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet. - Joh. 14:21.

As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar. - Joh. 14:23.

Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die geboorie van God en die geloof van Jesus bewaar. - Openb. 14:12.

Om God te ken en lief te hê is om Sy geboorie te onderhou en gehoorsaamheid aan Sy geboorie is een van die sleutelkenmerke van Sy finale oorblyfsel. Wie ook al die oorblyfsel is, hulle sal verseker 'n persoonlike verhouding met God hê, een wat nie sal terugtrek wanneer met

ernstige druk om ongehoorsaam te wees gekonfronteer word nie. Hulle liefde vir God sal die brandstof wees wat hulle dryf om vervolging, ekonomiese druk, verlies van werk, familie en miskien die dood te deurstaan.

Dus, ons het nie slegs 'n kennis van die waarheid nodig nie, maar belangriker, 'n voortdurende ondervinding met Hom wat die waarheid is. Jesus wil 'n verhouding met elkeen van ons hê, asof jy die enigste mens op aarde is. Van ons kant moet ons 'n liefdesverbond met Hom hê wat so sterk is dat ons getrou sal bly selfs as die hele Sewendedag adventiste Kerk afvallig word, selfs as almal teen ons draai, selfs as almal vlug - selfs as jy die enigste een is wat oorbly!

En in dié dag sal die oorblyfsel van Israel en die wat ontvlug het van die huis van Jakob, nie meer voortgaan om te steun op hom wat hulle slaan nie; maar hulle sal steun op die HERE, die Heilige van Israel, in opregtheid. - Jes. 10:20.

Wie is 'n God soos U? U vergewe sonde, U straf nie die sonde van dié wat uit u volk oorgebly het nie. U bly nie vir altyd kwaad nie, U betoon liefde. Hy sal ons weer genade betoon, Hy sal ons sonde tot niet maak, U sal al hulle sondes in die diepsee gooi. U sal getrou wees teenoor Jakob, liefde betoon aan Abraham, soos U in die voortyd aan ons voorvaders met 'n eed beloof het. - Miga 7: 18-20.

Hier is die heiliges, hier is hulle wat vergewe en gereinig is, wie se ongeregthede uitgedelg is, wie se sondes in die dieptes van die see gegooi is, omdat hulle slegs op die Here vertrou, die Heilige van Israel, in Waarheid.

*Clifford Goldstein: *The Remnant*, pp. 122-128.



Psalm 92, 'n Lied vir die Sabbatdag, getuig van die grootsheid van die Here. Hy is ons rots. Laat hierdie lied ons elke Sabbat opnuut versterk, laat ons Sy lof besing, laat ons in Hom alleen vertrou terwyl ons in Hom rus.

1. *'n Psalm. 'n Lied vir die Sabbatdag.*
2. *Dit is goed om die Here te loof, om u Naam te besing, Allerhoogste,*
3. *om elke môre van u liefde te getuig, en elke aand van u trou,*
4. *om dit te doen met snaarinstrumente, met harp en lier.*
5. *U groot dade, Here, het my baie bly gemaak, ek wil juig oor wat U gedoen het.*
6. *Groots is alles wat U doen, Here, ondeurgrondelik u gedagtes.*

7. *Wie dit nie besef nie, is 'n dom mens, wie dit nie insien nie, is sonder verstand.*
8. *Al is die goddelose voorspoedig, al floreer almal wat onreg doen, hulle sal vir goed uitgewis word.*
9. *U regeer vir ewig, Here,*
10. *en dit staan vas: u vyande sal uitgedelg word, Here, almal wat onreg doen, sal vernietig word.*
11. *Maar vir my gee U krag soos dié van 'n buffel, U laat my 'n oorwinningsfees vier.*
12. *Ek kyk op my teëstanders neer, ek luister sonder vrees na die mense wat niks ontsien nie, wat in opstand teen my is.*
13. *Die regverdiges sal sterk wees soos palmbome, soos hoë seders op die Libanon,*
14. *Hulle vind hulle krag in die huis van die Here en groei op in die tempel van ons God.*
15. *Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees.*
16. *So sal blyk dat die Here regverdig is, dat daar by Hom geen onreg is nie. Hy is my rots.*
